

Versekering so uniek soos jou plaas.
Nou met versekering vir vee en wild.
In die landbou-industrie bestaan daar nie iets soos werksure nie en 'n terugslag kan gevolglik 'n direkte effek hê op jou wins. Business OUTsurance bied versekering wat ontwerp is volgens jou unieke boerdery behoeftes, insluitend dekking vir jou boerdery bates, vee en wild. Jy kan selfs vra vir 'n Business OUTsurance-agent om jou te help met 'n pasgemaakte besigheidsversekeringsoplossing en om ook jou persoonlike kontakpunt te wees .
OUT SURANCE
sms "jagter" na 36296 | skakel 08 600 60 000
Besigheid
OUTsurance is 'n gelisensieerde versekeraar en FDV. B's en V's geld. Oproepe: standaardtariewe geld. SMS: 50c. OC20/0825/A

**JAGVERHAAL**
DIE BULLE VAN BAKLYKRAAL



**PRODUCT TEST**
SWAROVSKI'S 10X25 CL POCKET BINOCULARS



**BOOGJAG**
JAGPUNTE VIR 'N BOOG



Die tydskrif vir die jagter en bewaarder/The magazine for the hunter and conservationist

# JAGTER
SUID-AFRIKAANSE SOUTH AFRICAN
# HUNTER

## LOOD – WAT IS JOU RISIKO'S?

**JAGKALIBERS**
## DIE 7X64 VIR DANS, KERK EN WERK

**CARTRIDGES**
## .318 RIMLESS NITRO-EXPRESS RIFLES

## GAAN LOODVRY MET BADGER-AMMUNISIE

**JAGVERHAAL**
## DIE OOM WAT NIE KON MISSKIET NIE

**PRACTICAL BALLISTICS**
## BULLET DEFLECTION – PART 2

## DIE LEKKER VAN MESMAAK

# DIE COVID-WATERBOK

UITGAWE
NOVEMBER-DESEMBER 2020
NO. 12165
RSA R65.00
(BTW INGESLUIT)
NAMIBIË N$65.00
12165
9 770259 935002



Trijicon · THE SAFARILAND GROUP · ATN THE FUTURE OF OPTICS · CAMELBAK · ESS

www.ecmtech.co.za

# INHOUD

JAGTER
SUID-AFRIKAANSE · SOUTH AFRICAN
HUNTER

WEBTUISTE
www.sajagterhunter.com

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** Johan van Wyk
johan@sahunter.org
Johan.vanWyk@media24.com
**SUBREDAKTEUR:** Marisa Beeton
(Taalversorging en webblad)
marisa@sahunter.org
Marisa.Beeton@media24.com
**UITLEGKUNSTENAAR:** Marthie van Dyk
marthie@sahunter.org
Marthie.vanDyk@media24.com
**ADVERTENSIE-ONTWERP:**
Malinda Craythorne
Malinda@sahunter.org
Malinda.Craythorne@media24.com
**KANTOORBESTUURDER:**
Maphuti Mongatane (Navrae/Administrasie)
Maphuti.Mongatane@media24.com
Tel: 012-485-9382 Faks: 086-535-4058
**MEDEWERKER:**
Herman Jonker
Francois van Emmenes
Cassie Nienaber
Prof. Brian Reilly
Rean Steenkamp

## ADVERTENSIES

**BESIGHEIDSBESTUURDER:**
Dirk Lamprecht
Dirk.Lamprecht@media24.com
**ADVERTENSIEKONSULTANT:**
Jacques Boshoff Tel: 012-485-9357/079-528-8793
Jacques.Boshoff@media24.com

## NAVRAE EN INLIGTING

**INTEKENARE:**
Tel: 087-353-1300/Faks: 086-296-6681
SMS: 32361
E-pos: subs@media24.com
**SAJWV-LEDE:** Michel Schoeman
Tel: 012-808-9300/E-pos: michel@sahunt.co.za
**RAKVERKOPE:** Armand Kasselman
Tel: 021-503-7164
E-pos: armand.kasselman@onthedot.co.za

MEDIA24
**MEDIA24** WEEKLIKSE TYDSKRIFTE
**HOOFBESTUURDER:** Minette Ferreira
**UITGEWER:** Theuns Venter
**ADMINISTRASIE:** Johan Terblanche
**SIRKULASIEHOOF:** Johan Sadie
**KATEGORIEBESTUURDER SIRKULASIE:**
Armand Kasselman
**INTEKENARE:** Elmarie Eygelaar
**HOOF MEDIA24-TYDSKRIFTE:** Ishmet Davidson
**HOOF FINANSIES-TYDSKRIFTE:** Jameelah Conway
Printed by novus print A division of Novus Holdings
**DRUKKER:**
Novus Print, 10 Freedom Way,
Marconi Beam, Milnerton, 7441.
**UITGEGEE & VERSPREI:**
Media24 (Reg. no. 05/038385/06),
Heerengracht 40, Posbus 2271,
Kaapstad, 8000
abc PUBLISHER RESEARCH COUNCIL

© Kopiereg *SA JAGTER/HUNTER.* Alle regte voorbehou.
Menings van medewerkers, rubiekskrywers en korrespondente word nie noodwendig deur SA JAGTER/HUNTER onderskryf nie. Die redakteur behou die reg om artikels en briewe te verander en/of te verkort. Die uitgewer aanvaar geen aanspreeklikheid vir die inhoud van advertensies nie.

SA JAGTER/HUNTER ruil nie advertensiespasie of gunstige redaksionele verslae oor produkte en/of jagbestemmings vir gratis jagte of produkte nie.




**ON THE COVER**
**WATERBUCK AND RIFLE**
**PHOTOS:** JOHAN VAN WYK

Our cover rifle for this edition is a superb take-down Westley Richards .318 Rimless Nitro-Express with a vintage Zielvier telescope, made in 1930.

## RUBRIEKE

4 PADLANGS
6 BOSPOS
7 KOMPETISIE
8 SNELVUUR
10 DOOIERUS – SO GE-PRAAT VAN BALLISTIEK...
49 DIEREMANIERE
50 BOKSPOG

## SAJWV

**46 LOOD – WAT IS JOU RISIKO'S?**
LIZANNE NEL

## PRODUKTOETSE

**56 SWAROVSKI'S SUPERB 10X25 CL POCKET BINOCULARS**
**58 GAAN LOODVRY MET BADGER-AMMUNISIE**

## ARTIKELS

**12 DIE COVID-WATERBOK**
Soms vat dit lank om 'n ding afgehandel te kry...
JOHAN VAN WYK

**16 .318 RIMLESS NITRO-EXPRESS RIFLES, AND HOW THEY WERE MADE**
The .318 Westley Richards was one of the most popular medium-bore cartridges used in Africa. We take a look at its birth and some rifles chambered for it.
HUBERT MONTGOMERY

**24 DIE LEKKER VAN MESMAAK**
'n Kuns amper so oud soos die mens.
FRANCOIS VAN EMMENES

**28 JAGPUNTE VIR 'N BOOG**
Kies die korrekte punte vir jou jagboog.
REAN STEENKAMP

**32 DIE 7X64 VIR DANS, KERK EN WERK**
Wilhelm Brenneke se veelsydige 7 mm.
ANDRÉ GERBER

**38 DIE BULLE VAN BAKLYKRAAL**
Hierdie bulle val nie sommer net in jou skoot nie.
PIETA OOSTHUIZEN

**42 FAREWELL TO A FRIEND**
Sometimes, the void is too big to be filled again.
JOHAN VAN WYK

**52 BULLET DEFLECTION – PART 2**
The second part of our series on separating facts from speculation when shooting through obstructions.
GRAEME WRIGHT

**54 DIE OOM WAT NIE KON MISSKIET NIE**
Praat is een ding, doen 'n ander...
THINUS STEYN

**60 'N DOGTER SE TYD VIR JAG**
Jagherinneringe van onskatbare waarde.
SUZAAN BURT (NEÉ STEYNBERG)

**62 A DOG CALLED T-BONE**
All it needed was the right kind of motivation.
KOBUS DE KOCK

**KOMPETISIE VIR DIE JONGER SKRYWERS**

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat SA JAGTER/HUNTER, in samewerking met die Noord-Kaap Professionele Jagskool (NKPJS), 'n kompetisie vir jonger skrywers aanbied.

SIEN BLADSY 9 VIR MEER INLIGTING

BORG:
**NORTHERN CAPE PH SCHOOL**



# THE YEAR OF LIVING DANGEROUSLY

JOHAN VAN WYK

Ek het onwillekeurig gedink aan die titel van dié 1982-fliek waarin 'n jong Mel Gibson gespeel het, toe ek voor my rekenaar gaan sit om hierdie stukkie aanmekaar te slaan. 2020 was voorwaar 'n jaar waarin ons as Suid-Afrikaners gereeld erge beproewinge moes trotseer, en of 2021 enige drastiese verligting gaan bring... wel, die tyd sal leer!

As jagter en natuurliefhebber kan ek egter net die hoop uitspreek dat volgende jaar ons minder stief sal behandel. Die voorreg om saam met vriende en familie langs 'n kampvuur te sit, is onontbeerlik in ons lewens en om daarvan ontneem te word deur een of ander virus, is 'n bitter pil om te sluk. Dieselfde geld vir geleenthede soos HuntEx – nog 'n 2020-Covid-slagoffer. HuntEx is nie net 'n geleentheid om met baie van die invoerders en handelaars skouer te skuur nie, maar is ook 'n bymekaarkomplek vir mense wat dieselfde passie deel en dit koester.

Met die son wat deesdae sommer vroeg sy verskyning oor die horison maak en terselfdertyd maar traag is om te sak, is dit nou ook 'n goeie tyd om by dinge wat agterweë gebly het, uit te kom. Maak dalk 'n slag jou gewere behoorlik skoon, bring kwaliteittyd saam met 'n vriend of geliefdes op die skietbaan deur. Of blaas dalk net vir 'n slag die stof van jou jagfoto-album af, die een wat al voos geblaai maar propvol soete herinneringe is van gister se jagtogte waarna jy vandag en môre met nostalgie kan terugdink. Dis soms die klein goedjies waarby 'n mens nie aldag uitkom nie wat onverwags 'n groot verskil kan maak.

Indien jy vind jy het te veel tyd op jou hande en jy wonder hoe om die ledige ure om te kry, het ek 'n voorstel: skryf vir ons! Ons sien altyd uit na bydraes deur nuwe skrywers, en daar is sonder twyfel nog baie interessante wedervaringe en kennis daar buite wat net wag om gedeel te word.

Ons spesiale uitgawe, *Kolskoot*, is steeds op die rakke en is 'n bron van goeie leesstof oor veral grootkaliber-gewere. Ons hier by die tydskrif is trots op ons handewerk wat *Kolskoot* aanbetref, en ek wil diegene wat dié publikasie nog nie onder oë gehad het nie, uitnooi om gerus daarna te loer. Dit is propvol nuwe materiaal en handige inligting en is beslis 'n moet vir elke grootkaliber-entoesias.

Nog 'n seker teken dat 2020 einde se kant toe staan, is die naderende feesseisoen. Kerstyd is by uitstek familietyd en ek wens julle almal 'n baie geseënde Kersfees sowel as 'n voorspoedige 2021 toe. Ons ontmoet sommer gou weer hier om die gesellige "kampvuur" in die Januarie-Februarie-uitgawe van SA JAGTER/HUNTER.

Soos altyd, wees velig!



FOTO: NIC DE BRUINE




ALLIANT POWDER®
*Technically Superior by Design*

You can't change the weather. The weather shouldn't change your shooting. That's why we developed the newest propellants in the Reloder® family.
**Hot or cold. Always on target.**

***10x, 15, 16, 17, 19 and 22 Reloader powder available at all participating dealers. Contact Formalito to locate your nearest dealer.***

FORMALITO
OUTDOOR SPORTING BRANDS

Available at all Premium Dealers countrywide.
www.formalito.co.za | tel: +27 (12) 664 - 7793/4



# BOSPOS

## Sê jou sê...

E-pos na marisa@sahunter.org of Marisa.Beeton@media24.com

### WENBRIEF

### DIE SIRKEL VAN DIE LEWE

Op 'n bosveldvlakte kry ons die hartbees en haar kalf – sy is oud en slegs 'n geraamte. Met haar laaste druppel energie het sy haar kalfie grootgekry. Sy is so swak dat haar lyf soos 'n grashalm in die wind wieg. Toe ons nader ry, gee sy 'n paar treë vorentoe, struikel, val op die grond neer en bly lê. Sy het bloot nie meer die krag of lus om op te staan en verder te gaan nie.

Ek skiet die genadeskoot en die trane brand onder my ooglede. Verwese bly die kalf naby haar staan en kyk na haar wat moes sterf sodat hy kan leef – die sirkel van die lewe was nog nooit so duidelik nie. Ons los haar net daar vir die aasvoëls – dit is waar sy hoort.

Terwyl ons wegry, wonder ek hoe my eie "genadeskoot" sal lyk terwyl die windjie die traan op my wang droog waai.

**NEIL RETIEF**

** Neil wen die R1 000-geskenkbewys van Safari Outdoor. Baie geluk!*




### AMPER KOOP EK 'N MARTINI

Vroeg in 2019 koop ek 'n ou .22 Krico uit 'n vriend se boedel. Die geweer moes mooigemaak word en Dup doen vir my die werk. Die geweertjie staan sommer in sy werksafdeling by die handelaar, want sien, Dup is die handelaar se wapensmid.

Ek kom gereeld daar om die vordering dop te hou en ek geniet dit baie. Met die wapenlisensie se aansoek kom ek agter die .22'tjie het 'n kluis nodig. Geen probleem, ek koop hom. Later het die geweertjie 'n teleskoop en 'n knaldemper gekry, en alles moontlik word aan hom gedoen. By die huis kyk ek na die leë kluis en reken daar is te veel plek vir net een geweer. Ek koop toe 'n ou .308. Dup het toe albei my gewere en ek 'n leë kluis. Later het ek twee boodskappe op my selfoon dat my aansoeke deur die Manne in Blou ontvang is.

Die gewag vir die lisensies frustreer my sodanig dat ek aan 'n Martini-Henry as 'n derde geweer begin dink. Ek het as jongmens ou gewere versamel, maar het later alles verkoop toe die land se nuwe lisensiestelsel ingestel is. Gelukkig besef ek betyds dat ek ook vir die Martini 'n lisensie moet hê en sy doppe is skaars en dan moet ek ook nog 'n swartkruitpermit kry.

Ek het nog so geproe-proe aan die Martini toe ek in SA JAGTER/HUNTER 'n spesiale aanbod van 'n handelaar raaksien waarin 'n 9,3x62 vir 'n billike prys aangebied word. Dit is mos amper 'n Martini, maar net een met 'n grendel en magasyn. Later dieselfde dag is my geld in die handelaar se kluis en in my kluis was daar darem al die .22.

Toe begin ek alles wat nodig is, koop: 'n laaistel met koeëls en doppe, en matrysstelle vir die .308 en 9,3 en ek begin die wetenskap van herlaai bestudeer. Ek leer by almal en lees stokou SA JAGTER/HUNTER-tydskrifte wat ander wil weggooi. En ek kon nie wag vir die nuutste uitgawe om te verskyn nie.

Na baie maande se wag kry ek toe die SMS dat die .308-lisensie vir my wag. My ou lyf van 72 somers was in 'n rekordtyd met lisensie in die hand by die handelaar en skielik is ek die trotse eienaar van 'n .308.

Voor Kersfees 2019 ontvang ek 'n SMS wat sê die geregsmanne weet van my 9,3 en op 25 Maart vanjaar spring ek amper deur die dak toe my selfoon vir my vertel dat my lisensie goedgekeur is. Vandag is 3 Augustus en ek wag nog. Dis al amper 'n jaar terug wat ek gedroom het van 'n Martini en nou wag ek vir my 9,3x62-lisensie. Hoeveel patrone het ek al in die lang nagte "gelaai" vir die gweer en steeds wag ek vir my lisensie. Die ouderdom maak die wakkerlê-tye in die nag lank, maar die "herlaai" in die donkerte maak die nagte kort. My dank aan die SAPD, want sou ek my .308-lisensie eerder gekry het dan was daar nie nou 'n 9,3 op pad nie. My grootste dank kom Jaco toe wat so geduldig al my vrae by die winkel beantwoord het en my grootste vrees is dat my liewe vroutjie na my dood die gewere gaan verkoop vir die pryse wat ek gesê het dit my gekos het.

Terwyl ek my laaste lisensie, wat reeds in Maart goedgekeur is, nog nie het nie, begin ek wonder hoe sal 'n 6,5 Creedmoor in my versameling lyk. Ek wil net vir die polisie sê, hoe langer julle wag om my lisensie te stuur, hoe meer lisensies sal julle moet stuur. My grootste wens is dat daar gebruikte gewere in my boedel gaan wees, maar soos dit vir my lyk gaan my boedel bestaan uit nuwe gewere wat danksy die polisie nog nie gewerk het nie.

**ATTIE PELZER**

### GEMEENSKAPLIKE SKIETSTILSTAND

Sommige dae wonder ek hoe ons daaglikse roetine pre-Covid19 was. Die meeste van ons word tydens ons dagtake gekonfronteer met die een of ander regulasie en/of voorskrif vir Covid.

Dit is dan juis in hierdie tyd dat ek deur jag en die koop van 'n jaggeweer tot 'n "gemeenskaplike skietstilstand" met my tienerseun gekom het. Uiteindelik was daar iets wat ons saam kon doen en waaroor ons nie verskil nie!

So beplan ons ons eerste jag saam by Willowmore. 'n Springbok vir hom en 'n koedoe en/of springbok vir my. Ons altwee het in die verlede darem al biltong op die tafel gesit, maar nou vir die eerste keer met ons eie geweer. Ons het saam beplan, saam ingeskiet, saam opgewonde geraak – 'n ware resep om ongeskonde deur die tienerstadium te kom.

Amper is ons uitstappie in die wiele gery deur Covid19-regulasies oor die reis oor grense vir jag, maar die avontuur het uiteindelik aangebreek. Willowmore se mense en hul gasvryheid is spesiaal. Op die eerste dag laat Boeta 'n pragtige springbok bakkie ry (sommer 'n kopskoot). Pa sien uit na sy eerste koedoe. Die potensiaal vir 'n mooi koedoe is groot in die koppies van Willowmore. Maar teëspoed tref! Ek gly, val, breek my

enkel en skeur 'n ligament. Dis operasiesake en die einde van ons jag.

Nou, twee weke, later kyk ons maar saam jagvideo's, lees SA JAGTER/HUNTER en sien uit na volgende keer se jag. En daar is darem steeds 'n skietstilstand weens 'n gemeenskaplike belang in jag.

**WALDO CLOETE**

## 'N GROOT DROOM WORD WAAR

Na jare se gesmeek om saam met ons grootwildjagters (ons mans) te gaan jag, het ons uiteindelik in 2020 'n beurt gekry.

So word die jag 'n werklikheid en ons begin reël. Daar word geoefen en baie aande raad gegee, meer as wat die kwota vereis. Nietemin, dit het handig te pas gekom. Sommige van die dames het reeds al 'n skoot of pyl afgevuur, terwyl dit die ander se eerste doodskoot sou wees. Uiteindelik breek die lang verwagte jagtyd aan. Die Donderdagaand geniet ons die reuk van 'n braaivleisie en so begin die jag.

Vrydagoggend vertrek ons na die jagveld. Dis snerpend koud net buite Potchefstroom. Ons het reeds die Donderdagaand besluit dat ons *first timer* eerste aan die beurt gaan wees. Die senuwee en bokkoors loop hoog. Net na ons wegtrek, tref die eerste skoot wat perfek op die blad geplaas is. Dit lyk kompleet soos 'n ou bekroonde jagter se skoot. Kort daarna verskyn die volgende springbok op die horison en 'n tydjie later is hy ook plat. Die dames kook! Later 'n derde springbok. Drie springbokke bymekaar deur drie dames gejag.



Ons het voortgebou op die goeie begin en tydens die jag het die hele groep (vier dames en vier mans) 'n totaal van tien springbokke, drie gemsbokke, een blouwildebees, een swartwildebees, twee blesbokke en 'n jakkals geskiet.

Wat 'n belewenis! Soms wens 'n mens jy kan die oomblikke weg uit die die warboel van die lewe vir ewig vasvang.

**JUANITA GREYLING**




## 'N KLEIN "LESER"

Ek stuur hierdie foto van my seuntjie, Henru, wat slegs 3 en 'n half jaar oud is. Soos op die foto gesien kan word, moes ek al die tydskrif plak, want dit is opgelees. Hy raak bitterlik opgewonde as hy een van julle boeke in die hande kry en bestudeer elke bladsy. Hy ken elke kaliber en geweerkomponent.

**CARIN COMBRINCK**

# WEN

# MET DIE KLIK VAN 'N KNOPPIE!

**Vier gelukkige lesers staan die kans om die onderstaande trots Suid-Afrikaanse produkte te wen.**

Besoek ons webtuiste
**WWW.SAJAGTERHUNTER.COM**
en klik op die **WEN-knoppie** om in te skryf.

**Die sluitingsdatum vir hierdie maand se kompetisie is 16 Desember 2020.**

## HIERDIE MAAND SE PRYSE:

### DENNIS KAPPETIJN-MES





Wen 'n Dennis Kappetijn-mes ter waarde van R1 500. Vir meer inligting, sien ons webtuiste; besoek *www.kappetijnknives.com* of kontak hulle by 082-923-5639 of 082-968-4242.




### DOVETAIL-AMMUNISIEKISSIES

Twee lesers kan elk 'n ammunisiekissie in die kaliber van hul keuse wen. Die Dovetail-ammunisiekissies word gemaak en geborg deur Rudi en Lizelle Louw. Kontak Lizelle by 083-257-4041 vir meer inligting. Elke kissie is ongeveer R525 werd.




### PROMARK/STEVENSON HAMILTON-PRODUKTE

Stevenson Hamilton-produkte word verskaf deur Promark en is landwyd by GWK-takke beskikbaar. Verskillende pryse/produkte (soos hoede, belde, skoene, kamoefleerklere, ens.) kan elke maand gewen word. Vir verdere inligting oor Promark se produkte, besoek gerus hul webtuiste by *www.stevensonhamilton.co.za.*

### SEPTEMBER-OKTOBER SE WENNERS:

- **DOVETAIL:** JUAN VENTER, MIDDELBURG (KAAP) EN CHRIS MORGENROOD, GAUTENG.
- **KAPPETIJN-MES:** LANDI BOSHOFF, SPRINGS.
- **PROMARK TOMS CAMO-HOED:** OCKERT AUGUSTYN, WORCESTER.

**Die name van Nov/Des-maand se pryswenners sal in die volgende uitgawe van SA JAGTER/HUNTER-tydskrif verskyn en dit sal ook op ons webtuiste bekend gemaak word.**

# SNELVUUR



Photo credit: Ashleigh Pienaar

## PIG IN THE CITY

Things you will most likely see in Sandton: a Bentley; mansions; a lot of taxis; CEOs in suits and their wives shopping... But one thing you don't expect to see is a bushpig.

However, that is exactly what residents of this affluent suburb in Johannesburg recently saw. The pig was roaming the streets for a few days and since bushpigs are not really cute and cuddly (they are strong, stocky with coarse hair and can weigh up to 90 kg), the authorities were quickly called.

That's when a vet, a wildlife hospital and an animal welfare organisation stepped in. Dr Clifford Bull from the Craig View Veterinary Clinic, alongside the Sandton SPCA, were able to successfully dart the pig. The animal was then taken to the Johannesburg Wildlife Veterinary Hospital that treats indigenous wildlife free of charge, relying solely on the support of the community.

Aside from a few scratches on his face, and being visibly tired, the bushpig spent a few days at the hospital. "He was clearly hungry as he ate a vast amount of food while in our care," the hospital said in a statement.

After he became more lively and alert, Dr Jenny Hewlett from Onderstepoort was asked to assist in darting the pig once again to enable his transport to a safe release site.

(The Johannesburg Wildlife hospital is currently fundraising to buy their own dart gun.)

*Source: www.goodthingsguy.com*

## SA JAGTER/HUNTER-MESSE WEER TE KOOP



**Die gewilde SA JAGTER/HUNTER-messe sal vanaf 1 Desember 2020 weer te koop wees.**

**Ons het vanjaar 20 vastelem Muela-messe te koop wat ons handelsmerk sal dra en ook van 1 tot 20 genommer sal wees. Verder is daar 25 Buck-knipmesse te koop wat slegs ons handelsmerk op sal hê. Hou ons webblad *www.sajagterhunter.com* en ons Facebookblad dop vir meer inligting oor wat die messe kos en ook hoe en waar jy dit kan koop.**

## WILDTUINWERKERS GEVANG MET RENOSTERHORINGS

Drie personeellede van Sanparke is einde Oktober net buite die Krugerwildtuin in hegtenis geneem nadat hulle na bewering met vars renosterhorings betrap is.

Die werkers, twee sekuriteitsbeamptes en nog 'n man wat vir die tegniese dienste by een van die ruskampe werk, het reeds in die hof verskyn.

Dié drie is vasgetrek deur die misdaadintelligensie-eenheid van die polisie, in samewerking met Sanparke, Sabi Sands (wat aan die wildtuin grens) en die veediefstaleenheid op Skukuza. Hulle is naby die Krugerhek gevang ná 'n jaagtog deur die polisie.

Die Krugerwildtuin het in 'n verklaring gesê dat teenstropingspanne tussen Julie en September 2020, 16 verdagte stropers binne die wildtuin gearresteer het en sewe gewere gekonfiskeer het. Die spanne het ook 410 stropingsaktiwiteite gedurende die afgelope drie maande ondersoek.





## WHAT TRIGGERED THE LARGE-SCALE ELEPHANT DEATHS IN BOTSWANA?

The mysterious deaths of 330 elephants in Botswana over the past few months had scientists and conservationists scratching their heads.

Initially it was thought that poaching by means of poisoning was to blame but it was quickly realised that other animals were seemingly unaffected, even though they made use of the same water resources.

After exhaustive studies in Botswana, Zimbabwe, Canada and the USA, it was finally discovered that the culprit was microscopic toxins created by algae in the water that the elephants drank from. The toxins, known as cyanobacteria, occur naturally in standing water sources and can grow into large blooms.

The elephants died after ingesting the water and most of the carcasses were found around water sources.

What is cyanobacteria? Its found around the world in nutrient-rich waters and some species of cyanobacteria produce toxins that can be lethal for animals and humans. Humans are most often exposed to cyanobacteria when drinking or bathing in contaminated water. Symptoms include skin irritation, stomach cramps, diarrhoea, fever, sore throat, nausea and headaches. Animals, birds and fish can all be poisoned by high levels of cyanobacteria.

These elephant deaths were worrying because Botswana is home to approximately a third of Africa's elephant population.

*Source: www.africasustainableconservation.com*

## KOMPETISIE!

**Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat SA JAGTER/HUNTER, in samewerking met die Noord-Kaap Professionele Jagskool (NKPJS), 'n kompetisie vir jonger skrywers aanbied.**

Die wenprys is 'n trofeejag vir 'n blouwildebees, springbok en vlakvark tydens die 2021-jagseisoen op Panorama, die 6 000 ha-opleidingsgebied van die NKPJS naby Vanderkloof in die Noord-Kaap. Die wenner sal deur opgeleide professionele jagters van die NKPJS begelei word en sal ook op die skool se perseel tuisgaan.

Alle bydraes kan per e-pos aan ons gestuur word na **jagterhuntertydskrif@gmail.com**. Dui asseblief duidelik in jou e-pos aan dat die artikels vir die kompetisie bedoel is om enige misverstande te voorkom.

**Die reëls van die kompetisie is as volg:**

1. Deelnemende skrywers mag nie ouer as 35 jaar wees ten tye van die instuur van bydraes nie ('n afskrif van elke deelnemer se ID moet alle inskrywings vergesel);
2. Bydraes kan jagstories of tegnies van aard wees;
3. Alle bydraes moet bestaan uit teks van 1 500-2 000 woorde, tesame met gepaste foto's en onderskrifte;
4. Deelnemers mag 'n maksimum van drie bydraes instuur vir die kompetisie;
5. Alle bydraes moet ons voor of op 28 Februarie 2021 bereik;
6. Die wenner van die kompetisie sal in die tydskrif sowel as op ons Facebook-blad en webblad aangekondig word;
7. Die beoordelaars se besluit is finaal.

**Geborg deur Noord-Kaap Professionele Jagskool (NKPJS)**

Northern Cape Professional Hunting School

**Ons sien uit na julle bydraes! Die SA JAGTER/HUNTER-span.**

## BEWAARDERS SKIET TROP LEEUS IN DIE KAROO

Sewe leeus, wat uit die Karoo Nasionale Park ontsnap het, is einde September deur Sanparke-beamptes van kant gemaak. Dit volg nadat drie leeus deurgebreek het na 'n private eiendom op die grens van die park, teen die Nuweveldberg. Die leeus het daar tien skape doodgebyt.

Wildbewaarders van Sanparke is dadelik uitgestuur en hulle kon daarin slaag om die leeus weer terug te jaag. Die beamptes het die aand op die berg deurgebring om te sien of die leeus weer ontsnap. Dit het toe wel gebeur en hulle moes die diere weer terugjaag park toe.

Sanparke se roofdierbestuurbeleid maak voorsiening vir die beheer van diere wat skade veroorsaak en lewens bedreig. Daar is dus besluit om op grond hiervan die hele trop van sewe van kant te maak om sodoende lewens en eiendom te beskerm. Die trop het bestaan uit twee jong mannetjies, drie jong wyfies en twee volwasse wyfies. *(Bron: News24)*



## PRETORIA-DIERETUIN 'N KAMEELPERDKALF RYKER

Die Nasionale Dieretuin in Pretoria het onlangs aangekondig dat die eerste kameelperdkalf in bykans 20 jaar daar gebore is. Die 9 jaar oue kameelperdma het op 28 September geboorte geskenk aan die manlike kalfie wat nog naamloos was met die ter perse gaan van SA JAGTER/HUNTER.

Die nuwe ma het nie genoegsame voeding aan die kalf verskaf nie en die personeel was genoodsaak om hom te skuif na 'n aparte boma, waar hy met die hand versorg is. Die kalf het met sy geboorte 74 kg geweeg, maar danksy die goeie sorg het hy vinnig gegroei. Hy weeg nou meer as 'n 100 kg en drink tussen 10 en 14 liter melk per dag.

Hy is vir twee weke in die boma gehou voordat hy teruggeskuif is na sy ouers. Hy was eers skrikkerig vir die volwasse kameelperde, maar het toe met sy pa begin sosialiseer.



Foto: Suidkus DBV

## TWEE TIENERS RED DUIKER UIT UVONGOMEER

Twee tienerseuns is geprys vir hul heldedaad nadat hulle onlangs in die Uvongomeer gespring het om 'n duiker wat op 'n rotslys gestrand was, te red.

Dawie de Bruin (17) en Joshua Pelser (16) van Margate was op Uvongo se strand toe hulle DBV-beamptes naby die meer sien.

"Ons het eers gedink die DBV is daar om 'n hond te red, maar toe ons by hulle kom sien ons dat 'n duiker op 'n rotslysie net bo die waterlyn gestrand was," het Dawie vir *The Witness*-koerant gesê.

Joshua het die beamptes gevra of hulle hulp nodig het en die twee seuns het 'n net geneem en in die water gespring.

"Toe ons die duiker in die water tel het hy my eers 'n bietjie geskop en die net het ook nie veel gehelp nie," het Dawie gesê.

Hulle het met die duiker na die DBV-beamptes, wat in 'n pedello ('n tipe van 'n roeiboot) was, geswem en die duiker vir hulle gegee.

Die duiker is weer vrygelaat nadat 'n veearts hom ondersoek het. *(Bron: News24)*



# SO GEPRAAT VAN BALLISTIEK...

'N geweersmid se toonbank is altyd 'n interessante plek om jou ore by te gaan uitleen. Daar hoor 'n mens van allerlei wapenkwale en verwante skandes en dinge. Soos nou die dag, toe ons oor die dronkenskap van koeëls staan en skinder, en die gesprek omsit van loopstaal na taal.

"Dis 'n ding," sê Coenie, "die manne wat hier inkom is meestal Afrikaans, maar as hulle van 'n geweer en sy skieterjasies praat, dan gebruik hulle Engelse terme. Hoekom dan nou nie maar liewer Afrikaans nie? Die taal is dan hoeka aan soveel fronte onder druk."

Dis waar. Afrikaans gaan sy sirkelvormige opening sien as ons nie meer moeite doen om die taal ook op tegniese gebied te gebruik nie. Maar bestaan die nodige terme wel?

Nie noodwendig nie. So, om daad by die woord (of woord by die woord?) te voeg, hiermee my beskeie bydrae tot die bevordering van Afrikaans: 'n Paar nuwe toevoegings tot die taal. In besonder dié wat verband hou met ballistiek – die studie van die beweging van 'n projektiel of koeël – en ons omgang daarmee.

Die eerste van hierdie neologismes, vars opgeteken in Jonker se *Wilde Woordeboek van Wedervaringe*, is "ballistiekmusiek". Ja, dit is nou 'n woord, en dit verwys na die soet klanke van skote wat knetter en koeëls wat tref. Soos ons weet, is hierdie vorm van musiek so meevoerend dat die mense op 'n skietbaan met oorfone rondloop om daarna te luister.

Dan is daar "kanniballistiek". Dié woord het betrekking op die gebruik van sommige ouens om vuurwapens te kannibaliseer om 'n ander wapen mee te diens. Iets soos om byvoorbeeld 'n .30-06 se doppe af te nek om in 'n .25-06 of 'n selfgebroude 6mm-06 te laai. Of om een of ander oorplanting met ballistiese implikasies te doen, soos om 'n .22 se teleskoop op 'n .378 Weatherby Magnum te probeer monteer om geld te spaar. (En dan te kla die .378 is 'n vrot kaliber – hy groepeer nie.)

Daarteenoor, en wesenlik 'n antoniem in die praktyk, is "kwaliballistiek". Dit is 'n term wat verwys na die najaag van kwaliteit in die werking van vuurwapens en ammunisie. Ek dink veral handelaars behoort die woord nuttig te vind, want dit is van toepassing op hulle gunsteling-klant, naamlik daardie ou wat nog nie eintlik vantevore geskiet het nie, maar vir homself die grootste kaliber en die duurste toebehore in die winkel koop, omdat hy altyd die grootste en beste moet hê.

> Laastens is daar "balliebballistiek", wat gebruik kan word om die skote van oupallies te beskryf.

Wanneer so 'n kwaliballistieklyer homself dan met sy eerste skoot 'n sloot voor die kop skiet wat veertien steke verg om te heg, kan daar seker gepraat word van "masochallistiek". Dié woord is 'n samevoeging van "masochisme" en "ballistiek", en verwys na een of ander selfopgelegde pynlike ervaring wat met die afvuur van 'n skoot verband hou.

Skuts wat die grootste en beste wil hê, maar dit nie kan bekostig nie, wend hulle soms tot "bekballistiek". Hierdie term omskryf verwysing na ballistiese eienskappe wat buite normale, werklike, of verklaarbare perke val, soos wat gereeld om kampvure gebeur wanneer daar ruim gespog en oordryf word met die vermoëns van 'n spesifieke kaliber of ammunisie.

"Bekballistiek" moet egter nie verwar word met "malleballistiek" nie. Laasgenoemde word gebruik wanneer daar al soveel kere aan 'n geweer en sy ammunisie getorring is dat daar geen voorspelbaarheid meer is aan waar die skote val nie, en niemand meer kan onthou wat wanneer en deur wie gedoen is om die geweer te "verbeter" nie. Die malleballistiese effek kan vergelyk word met daardie ou speletjie waar 'n geblinddoekte persoon drie keer in die rondte gedraai word en dan 'n stert aan die donkie moet steek.

Lynreg teenoorgesteld hiermee is die term "statillistiek". Dit behels die sorgvuldige opteken en verwerking van alle moontlike data wat met die skiet van 'n skoot te doen kan hê. Die statillistiese skut omring homself met allerhande meet- en berekeningsapparate, eerder as iets soos 'n verkyker of 'n mes. Wanneer hy wel 'n slag 'n bok skiet en nie net doilies maak van papier nie, word die bok se beserings volledig geanaliseer en 'n hele wetenskaplike verslag opgestel oor die heersende atmosferiese- en geografiese omstandighede. Laasgenoemde word dan verwerk tot 'n breedvoerige tesis wat verduidelik hoekom die bok in sy pens geskiet is.

En dan is daar natuurlik die tragiese verskynsel van "babellistiek", wat ook tot pensskote kan lei. Dis pateties om te aanskou, en 'n vreeslike ding om self te ervaar. Ergste van alles is dat dit totaal voorkombaar is, maar tog steeds gebeur, veral met die onervare jonger manne. As die koeëls so rond en bont val omdat die skut die bewerasie het van babelaas, is daar baie min wat 'n mens daaraan kan doen. Trouens, so 'n man behoort in die eerste plek nie naby 'n geweer te kom voordat hy nie sy roes behoorlik afgeslaap het nie.

Laastens is daar "balliebballistiek", wat gebruik kan word om die skote van ouballies te beskryf.

Die balliebballistiese jagter daag op met 'n blinkgeslyte geweer uit die tyd van die Slag van El Alamein, 'n ou Weaver K4-teleskoop, en 'n bruin boksie koöperasiepatrone met die prys nog daarop: R14.85 vir twintig. En dan gaan hy huis toe met sestien van die twintig nog oor en vier bokke én 'n tarentaal agter op sy Nissan 1400'tjie. Elkeen met 'n netjiese ronde gaatjie agter die oor.

Nou toe, laat ons 'n glasie klink op ons taal en natuurlik ook op die wondere van ballistiek. Lank lewe Afrikaans!!




For your closest stockist, please call Brad on 0861-005903



Hier sit ek saam met professionele jagter Jarryd Radcliffe, links, by die waterbokbul wat ek vroeër vanjaar kon jag.

# DIE COVID-WATERBOK

Soms vat dit lank om 'n ding afgehandel te kry...

Ek kan nie mooi onthou wanneer ek die eerste keer daaraan gedink het om 'n waterbok te jag nie, maar dit moes omstreeks 2010 gewees het toe ek een tydens 'n jagtog in Zimbabwe wou skiet. Soos dit uitgewerk het, het die enigste waterbokbul wat ons tydens daardie betrokke jag te siene gekry het, in die kloue van 'n honger trop leeus beland, so die jag het nooit plaasgevind nie.

Tydens daaropvolgende jagtogte kon ek telkemale waterbokke onder skoot kry, maar



dié spesie was in daardie jare redelik duur om in Suid-Afrika te jag, en bowendien, almal het altyd te vertelle gehad dat waterbokvleis amper oneetbaar was as die dier nie korrek afgeslag word nie. Vir die man op 'n begroting (wat ek destyds was en nog steeds is) was 'n waterbok dus nie noodwendig altyd bo-aan die spyskaart nie en ek het verlief geneem met die feit dat hulle vir eers beskore was vir ander ouens.

### 'N EERSTE, ONSUKSESVOLLE POGING

Tydens 'n jag in die Noord-Kaap in 2018, het ek en my jagspan ons op die tweede dag bo-op 'n rantjie bevind. Voor ons was 'n goeie uitsig oor 'n kloof, met die waters van die Oranjerivier in die verte. Dit was nie lank nie of 'n klein troppie koedoes het hulle verskyning gemaak. Die bul was volwasse en die afstand reg, so toe die skoot klap en die koeël tref, was die jag verby. Ek was in proses om die geweer veilig te maak om by die koedoe uit te kom toe 'n fluisterstem skielik oor die radio kom wat ons waarsku dat 'n waterbok in ons rigting op pad was.

Twee werkers was op 'n gedeelte van die plaas naby waar ons gejag het doenig, en hulle het 'n waterbok skrik op die lyf gejaag wat na ons kant toe gevlug het. Met die geweer terug op die stokke was dit nie lank nie of 'n mooi volwasse waterbokbul het oor die rantjie sy verskyning gemaak.

Deur die teleskoop kon ek sien dat die bul iewers heen op pad was, maar nie met vreeslike ywer nie. Hy het hier en daar gestop en gewei voor hy weer luierig aanbeweeg het. Die afstand was net oor die 200 m en met die kruisdraad mooi daar waar die koeël die hart en longe sou stukkend skiet, het ek die sneller gedruk. Daar was nie die kenmerkende geluid van 'n trefkoeël nie, maar ek kon duidelik sien hoe die bul bokspring, so ek het geweet dit was raak.

Vanweë die klipperige terrein het dit ons 'n hele rukkie geneem om tot by die plek waar die waterbok gestaan het te kom. Sy diep wegspringspore was duidelik sigbaar en binne 'n paar meter het ons die eerste druppels bloed gekry. Dit het gelyk of die bul sy linkervoorpoot effens sleep, en alhoewel hy steeds gebloei het, was dit duidelik dat hy nie noodlottig gewond was nie.

Tien minute op sy spoor het vinnig 'n uur en toe drie ure geword. Teen laatmiddag moes ons egter die soektog opgee. Die bloed het lank reeds opgehou, die bul se linkervoorpoot het nie meer gesleep nie en die terrein het so onherbergsaam geword dat selfs die Jack Russell»



**BO:** Die waterbok was 'n pragbul en 'n waardige trofee na jare se probeer.

**HOOFFOTO ONDER:** Die uitsig van ons wegkruipplek bo teen 'n koppie. Die waterbok het aan die voet van die koppie, onder in die middel van die foto, gestaan toe die skoot geklap het.



» nie meer op die waterbok se spoor kon bly nie.

Ek was daardie aand redelik bekaf. Dit was die eerste keer ooit dat ek 'n dier gekwes het wat ek nie kon vind nie, en dit was 'n "rekord" waarop ek nie baie trots was nie. Ek het egter my daaraan getroos dat die bul duidelik nie swaar gewond was nie en na alle waarskynlikheid heeltemal sou herstel. Dit was egter maar 'n skamele troos, maar met geen ander uitweg nie moes ek teësinnig die aftog blaas.

### 'N TWEEDE, ONSUKSESVOLLE POGING

Kom ons draai die horlosie aan na September 2019. Weer het ek my in die Noord-Kaap bevind, en ons het 'n trop van 14 waterbokke – almal bulle – deur ons verkykers dopgehou. Die meeste was nog jonk met kort, dun horinkies, maar twee van die bulle in die trop was heel skietbaar.

Die waterbokke was teen 'n steil hang voor ons en het dus die voordeel van hoogte gehad. Hulle was deeglik bewus van ons, maar was nie onrustig nie. Die rowwe terrein het waarskynlik iets hiermee te doen gehad, want daar was so baie los klippe teen die hange dat hulle nie vreeslik vinnig kon beweeg nie. Ons het dus maar geduldig gewag en toe een van twee volwasse bulle vassteek met sy neus in die lug, het ek die kruisdraad laag agter sy regterblad gesit en die sneller gedruk.

Die afstand was minder as 200 m en die koeël het mooi geklap. Ek was seker van my skoot en het die bul deur die teleskoop dopgehou soos hy en die res van die trop bergaf beweeg het. Honderd meter het gou 200 m geword, maar die bul het geen tekens van 'n skoot getoon nie. Ek was redelik verbaas, om die minste te sê, en het summier al die mannekrag wat beskikbaar was opgekommandeer om na die bok te soek. Twee ure en baie stowwerige kilometers oor die klippe later moes ek egter weer die aftog blaas. Ons kon geen teken van bloed, hare of enigiets anders vind waar die bok gestaan het nie en 'n deeglike deurstap van die vallei waarin die dier verdwyn het ná die skoot, het ook niks opgelewer nie. 'n Waterbok, so het dit vir my gelyk, was my nie beskore nie...





**LINKS:** Daar word gereeld na die waterbok as 'n "kringgat" verwys, en dis te wyte aan die kenmerkende wit kol wat dié bok se agterstewe versier.

**BO:** 'n Waterbok se vel het growwe, harde hare wat hol is en dus help as die bok in die water is en moet swem.

### 'N DERDE EN LAASTE POGING

Met Covid-19 wat almal van ons se jagplanne vir 2020 behoorlik deurmekaargekrap het, was ek by tye nie seker of ek vanjaar sou kon gaan jag nie. Toe die hekke egter in die middel van die jagseisoen (tydelik) oopgegooi is, het ek en 'n vriend vinnig van die geleentheid gebruik gemaak en die bakkie gepak.

My goeie vriend Mynhard Herholdt was teen hierdie tyd deeglik bewus van my stryd om 'n waterbok gejag te kry, en uit simpatie het hy besluit om my las te verlig wat 'n waterbok aanbetref. Mynhard se plaas teen die Vanderkloofdam het 'n goeie populasie waterbokke, en uit vorige ondervinding daar het ek geweet dat hy ook 'n goeie idee het van die wild se bewegings op sy grond.

Soos dit egter maar gaan het ek die eerste twee dae hard gejag sonder om 'n waterbok te sien. As troosprys kon ek gelukkig darem 'n mooi koedoebul verras waar hy en sy makkers in 'n leegte in die vroegoggendson vir die koue windjie weggekruip het, maar die gedagte aan 'n waterbok het steeds bly spook.

Die derde jagdag was tot 'n groot mate 'n herhaling van die eerste twee dae. Ek het egter op 'n ander gedeelte van die plaas gejag wat meer gelyk was en teen die middag het ek twee troppe waterbokke te siene gekry, beide egter sonder 'n skietbare bul in hul midde.

Op die vierde oggend het Mynhard my saam met een van sy jong professionele jagters, Jarryd Radcliffe, in 'n gedeelte van die plaas, wat bekend staan as *boat launch* (omdat dit lekker plat is en die ideale plek is om bote in die dam te water te laat) afgelaai. Ons het die area goed deurgekyk, maar die enigste waterbok wat te bespeure was, was 'n koei wat op haar eie rondgeloop het.

Teen vroegmiddag se kant het ek en Jarryd besluit om van taktiek te verander en het 'n koppie geklim met 'n pragtige uitsig oor die vlaktes dam se kant toe. Aangesien dit 'n snerpende koue dag was met die windjie wat maar gestoot het, het ons 'n beskutte sitplek tussen 'n stapel rotse onder 'n kareeboom uitgesoek. Met die skietstokke opgeslaan was dit nou net 'n kwessie van wag.

'n Uur het stadig verbygegaan, maar daar was 'n konstante stroom wild wat elke dan en wan verby ons beweeg het. Springbokke, blouwildebeeste en koedoes het telkemale hulle opwagting gemaak. Een koedoebul, wat ons nie gesien het tot hy amper op ons getrap het nie, het met 'n harde blaf omgevlieg en die klipperige koppie uitgehardloop teen 'n spoed wat ek nie gedink het moontlik was nie.

### DIE OOMBLIK VAN WAARHEID

Toe die son horison se kant toe begin beweeg, was my bene styf en my agterent lekker seer gesit. Ek het die geweer vir 'n oomblik langs my neergesit en was in die proses om op te staan vir 'n vinnige bene-rek, toe ons iewers onder ons klippe hoor spat. Met die styfheid en seerheid vir eers vergete, het ek vinnig weer die geweer opgetel en in my skouer gesit.

Oomblikke later het die voorste waterbokkoei ons gesigsveld binnegedraf, gevolg deur nog een, en toe nog een. Dit was 'n groterige trop, en dit was duidelik dat hulle haastig iewers heen



Dis maklik om 'n waterbokbul van 'n koei te onderskei: die koeie het nie die bulle se kenmerkende horings wat vorentoe swiep nie. Hierdie waterbokkoei is naby Shingwedzi in die Krugerwildtuin afgeneem.

op pad was. Ek het vinnig getel en gesien dat daar ongeveer 15 koeie was. Ek kon 'n bul heel agter sien, maar sy horings was nog nie sigbaar nie, so ons kon net wag. Die voorste koei het ná 'n paar sekondes aan die voet van die koppie tot stilstand gekom. Sy het stip voor haar na iets in die verte gestaar en oomblikke later weer vinnig vorentoe begin stap.

Ek het vroeër reeds my afstandmeter vir Jarryd gegee en hy het in 'n fluisterstem gesê dat die afstand 198 m was. Die 6,5x55 was stewig in die mik van die skietstokke en ek het die bokke deur die teleskoop dopgehou soos hulle een vir een onder ons verbygeloop het. Die eerste bul was nog in sy tienerskoene met kort horinkies maar agter hom was 'n mooi volwasse bul. Onder die omstandighede was hy goed genoeg. Met die kruisdraad net mooi agter die blad (die bul het effens weg van ons gestaan met sy kop na links, so ek sou hom agter die linkerblad moes skiet om die hart te tref) was ek gereed om te skiet toe 'n tweede, groter bul in die Swarovski se gesigsveld instap. Die groter bul het egter bly stap, so al wat ek vir die oomblik kon doen was om te wag.

Soos wat die bul bly wegstap het, het ek al hoe meer senuweeagtig begin raak. Wat as die bul nie stilstaan nie? Wat as...? Wat as...? Talle vrae het ewe skielik by my opgekom, maar die volgende oomblik het die bul die probleme vir my opgelos en gaan staan. Jarryd het gefluister dat die afstand nou 215 m was, en ek het vir oulaas seker gemaak die kruisdraad is op die regte plek voordat ek die sneller gedruk het.

Die kortloop-6,5 se blaf het teen die kranse agter ons weergalm en 'n oomblik later het die koue briesie die klapgeluid van die koeël teen die waterbok na ons toe gewaai. Die bul het een groot bokspring gegee en in sy spore neergesak. Hy het vir oulaas een of twee keer geskop, en toe was hy stil.

Uiteindelik kon ek my stywe bene reguit maak en met moeite opstaan uit ons klipperige skuiling. Ons het stadig en moeisaam teen die hang af beweeg na waar die waterbok in die wintergras geval het. Ek het kort-kort seker gemaak dat die bul nie opstaan nie, maar toe ons minute later by hom kom, was alles duidelik verby. Die 140 grein Nosler Partition is dwarsdeur die hart en longe. Die slagters sou die omgeklinkte koeël later onder die vel aan die ander kant van die bok herwin. In die tipiese Partition-manier het die koeël in die omklinkproses sy voorste kern verloor, maar die skag met die agterste loodkern het diep en reguit gepenetreer.

Toe die fotonemery uiteindelik klaar was, het ek 'n kans gehad om vir 'n halfuur of so rustig by my waterbok te sit, terwyl ek gewag het vir die gehawende Toyota om oor die rowwe terrein by my en die bok uit te kom. Dit was 'n pragbul met 'n indrukwekkende paar horings, en hulle sal mettertyd 'n spesiale plek in my trofeekamer kry. Vir eers was ek net baie bly en baie dankbaar vir die voorreg om so 'n pragdier te kon jag, veral in die lig van my vorige pogings om 'n waterbok in die hande te kry. Goeie dinge gebeur soms met dié wat aanhou en deurdruk, selfs in die jaar van Covid.

Hierdie pragwaterbokbul is ook in die Krugerwildtuin afgeneem. Let op die lang horings met hulle dik basisse.



# .318 RIMLESS NITRO-EXPRESS RIFLES, AND HOW THEY WERE MADE

The .318 Westley Richards was one of the most popular medium-bore cartridges used in Africa. We take a look at its birth and rifles made for it.

**THE .318 RIMLESS NITRO-EXPRESS**

The .318 Rimless Nitro-Express cartridge was introduced by Westley Richards in 1909 and fired a 250-grain bullet at about 2 400 fps (the actual bullet diameter was .330"). It was mostly chambered in handy, reliable, lightweight bolt-action rifles using Mauser actions. The 250-grain bullet had a very high sectional density and the long parallel sides resulted in excellent penetration. It immediately gained a reputation as an outstanding medium-bore cartridge and was one of Westley Rich-




**ABOVE:** Kynoch 250-grain round-nosed soft-nose on the left; Kynoch 250-grain round-nosed solid on the right; and in the centre an original 250-grain Westley Richards cartridge with hollow LT pointed-capped bullet. Both Kynoch rounds are about 85 mm long, but the LT capped round is 89,2 mm long, which caused problems for the rifle builders.




Rifles examined for this article from the top: Westley Richards best-grade sidelock ejector double rifle, Westley Richards bolt-action takedown rifle with original Zeiss Zielvier telescope, Oberndorf Mauser bolt-action A-type rifle, William Evans bolt-action rifle, all in .318 Rimless Nitro-Express calibre.



Westley Richards .318 double rifle in its factory case.

ards' most popular cartridges. John Taylor writes in *African Rifles and Cartridges* that it was "undoubtedly the most popular and most widely-used British medium bore".

Also commonly known as the ".318 Westley Richards" or the ".318 Accelerated Express", it is certainly a classic and famous cartridge and has been praised by many hunters who used it. Taylor further said, "there was nothing to compare with it" and "you could not wish for a better or more satisfactory general-purpose medium bore". W.D.M. Bell is always associated with the .275 Rigby, but in fact in *Karamojo Safari* he also recommends to the novice that "the 250gr .318, although far from perfect, approaches most nearly the big game hunter's ideal bullet".

Westley Richards experimented with various bullet weights, including a 180-grain bullet, but the most widely used was the 250-grain soft-nose and the 250-grain solid bullets with their thick jackets as loaded by Kynoch – these loads earned the .318 its enviable reputation. One bullet that was only marginally successful was the patented hollow LT pointed-capped bullet, which was really intended for thin-skinned animals. It is only mentioned here because its excessive overall length (89,2 mm versus 85 mm for the "normal" 250-grain bullets) caused headaches for rifle builders, which will become apparent later. The "LT" refers to Leslie Taylor who was the managing director at Westley Richards from 1899 to 1930 and held many patents, including that of the hollow-pointed-capped bullet.

The .318 cartridge has been discussed and lauded in many articles and publications and will not be further described here. Instead, we are interested in how various rifles chambered for this legendary cartridge were built.

**Rifle No 1: Westley Richards sidelock ejector double rifle**

This exquisite best-grade hammerless sidelock ejector double rifle was made in December 1926 for "Lyon & Lyon Ltd. Calcutta" and is so engraved on the barrels together with "Westley Richards & Co. London" and "WR .318 Rimless Cartridge". No doubt it was originally intended for tiger hunting in India. The rifle weighs 10 pounds, the sidelock action is fully engraved and colour casehardened with cocking indicators, and the proof loads on the flats of the 26-inch barrels show 37 grains of cordite with a 250-grain bullet.

Making a double rifle to function reliably with a rimless case is no trivial matter, so the most fascinating thing about this rifle is its Westley Richards-patented rimless extractors and their ingenious operation. A small sliding plate has been built into the rear body of the extractor. When the action is open, this rimless extractor plate is in the down position as can be seen in the accompanying photograph, with a small part of the plate protruding from the bottom of the extractor body.

This allows the new cartridge to drop freely into the chamber when loaded, which looks a little odd as the cartridges drop »



Rimless extractor plate in the down position with small tab protruding at the bottom as indicated.



Rifle with cartridges loaded. Notice how the cartridges have dropped all the way into the chambers, past the extractors that are in the lowered position.



Rimless extractor plate in the up position with semi-circular portion protruding at the top as indicated.

» all the way into the chamber past the extractors. As the action of the rifle is closed, the tab at the bottom of the extractor plate is forced upwards and its upper semi-circular portion now slides into the extractor groove of the rimless case, where it will grip the case for ejection. After firing and opening the action, the case is ejected with considerable force, landing some three to four metres away, and the body of the ejecting case forces the extractor plate down again so that new cartridges, when loaded, can freely fall into the chambers. If the cartridge was not fired, it is not ejected but instead only extracted by about 4 mm so that it can be grasped by hand.

The concept is ingenious yet simple and works amazingly well. There are no springs involved; it is all a case of precision fitment. When there is a round in the chamber and the action is closed, the rimless extractor plate has no other place to go but into the extractor groove of the chambered cartridge.

The rifle handles delightfully and is a pleasure to shoot and one can understand that John Taylor longed for exactly such a rifle when he wrote "I should very much like to have a Westley Richards double rifle handling this shell (the .318) and regulated for the 250gr bullet".



A Westley Richards rifle in its factory full-leather case.

**Rifle No 2: Westley Richards takedown bolt-action rifle**

This takedown bolt-action rifle was made in August 1930 for AJ Keen of London and has a fac-



Front sight with protector flipped open, "moonsight" raised and spare sight marked "180".




.318 Westley Richards on the left and military M98 8x57 mm on the right. Notice how the receiver ring has been moved forward and the stripper clip notch moved backwards.

tory-fitted Zeiss Zielvier telescope, engraved with the rifle's serial number, in a quick-release Westley Richards side-mount. The rifle weighs 9 pounds with the telescope installed, it has a screw-detachable 26-inch barrel with one standing and four folding-leaf express rear sight blades marked from 100 to 500. The barrel is engraved "Westley Richards & Co. London" and "WR Detachable Barrel" and under the fore-end is marked with .318, 2.4" and the proof load of "37gr cordite" and "250-grain bullet". On the left of the receiver ring is the serial number and "Westley Richards .318 Accelerated Express".

A special patented Westley Richards fold-away front sight protector is fitted, as well as a large flip-up ivory "moonsight". The front sight bead is on a dovetail base that slides in from the front and is held in place with a small screw. In an incredible display of attention to detail, the front sight is marked "250", for use with the 250-grain bullet and a special storage compartment located under a removable plug in the horn grip cap holds a small aluminium container with a spare front sight marked "180" for use with the 180-grain bullet. This allowed the user to maintain the rifle's zero by installing the correct front sight, depending on the ammunition being used.

The takedown system is Westley Richards' screw-takedown version, which allows the barrel to unscrew after unlocking a latch on the right-hand side of the fore-end. A lug-type (or bayonet-type) takedown system was also used on some of their rifles but was a bit ungainly as it required a larger diameter collar to be fitted over the receiver ring, resulting in the receiver having a "bloated" appearance. The screw-takedown system, on the other hand, is trim and elegant and works very well with the barrel screwing up very tight, and once locked, there is absolutely zero play. The stock is made of very high-grade wood with flat-top checkering, a classic cheekpiece and the steel buttplate has a trap for storage of a cleaning kit.



Mauser .318 straddle-type magazine floorplate.


The Mauser receiver cut-out to allow loading of cartridge with LT capped-pointed bullet using a 5-round stripper clip.

Due to the high cost of the commercial Mauser action, Wesley Richards decided to rather use a standard military action from an 8x57 mm M98, which could be had for a fraction of the cost, and then let their own gunsmiths work their magic on the action. It was a wise choice to use the 8x57 mm calibre action, as the .318 case is essentially a lengthened 8x57 mm case and feeds very reliably from the Mauser box magazine. The round military bolt handle has been changed to a pear-shaped bolt and the military floorplate has a custom quarter-turn magazine floorplate lever release.

However, the major problem was of course the length of the military action. The standard military action can only load a cartridge of 86 mm in length, and the box magazine can accommodate a maximum length of 84 mm, whereas the .318's 250-grain LT pointed-capped round required approximately 90 mm. To solve this problem, the rear wall of the magazine box was cut off and a metal plate inserted by welding to move the rear wall backwards by about 6 mm so that the magazine can now accommodate a cartridge length of 90,5 mm. This, of course, necessitated the magazine cut-out in the receiver floor to also being moved to the rear.

To facilitate loading of the longer round, about 3 mm from the rear of the receiver ring was cut away and also the stripper clip notch was moved to the rear by 2 mm. Since the cartridges now sat further back in the magazine, the bolt stop had to be shortened by about 3 mm to allow the bolt to come back far enough to pick up the cartridge from the magazine. All this was extremely neatly and professionally done, the action is slick and smooth and the rifle feeds and ejects with super reliability. Importantly, no metal was removed from the bottom of the receiver ring in the area of the feed ramp. One cannot »



A-type Mauser .318 rifle in its full-length case by Gray & Co of Inverness, Scotland.

» help but wonder how much effort Westley Richards could have saved themselves had they simply abandoned the LT pointed-capped ammunition and used only the 250-grain round-nosed type, which was in any case by far the most popular.

In my opinion, this rifle exemplifies the classic and quintessential .318 Wesley Richards rifle. If you want to own a .318 rifle then it should be a Westley Richards as it was their cartridge, and if you want a .318 Westley Richards bolt-action rifle then it should be a takedown as the takedown .318 rifle was their trademark for many years.

**Rifle No 3: Oberndorf Mauser A-type bolt-action rifle**
This bolt-action rifle was made by Mauser in 1929 and is the classic A-type with one standing and four folding-leaf express rear sights and buffalo horn fore-end tip. The rifle has a 24-inch barrel (more correctly 600 mm) and weighs only 7,5 pounds. It was retailed by Gray & Co. of Inverness in Scotland and cased by them in a full-length canvas case for a special customer who was probably on his way to Africa.

Mauser .318s are quite rare, as they were only chambered in some of their A-type rifles, and Jon Speed estimates that fewer than 500 were made. The Mauser .318 has some special features, all resulting from the fact that Mauser decided to use a standard-length action. Why they did not use a magnum action remains a mystery as the magnum action was available. One can only assume that they wanted to keep the weight and size of the rifle down. In order to accommodate the long .318 round, they made a magazine box specifically for the .318 with an internal length of 92 mm. Mauser engineers believed that in order to ensure reliable feeding, the magazine box had to fit the cartridges exactly and as a result they produced more than 25 different types of magazine boxes for all of their calibres. This is an indication of how meticulous Mauser was, and the .318's magazine box was not used for any other calibre.

The magazine floorplate is of the "straddle" type normally found on the magnum actions, and this is one way of identifying an original .318 Mauser.

The receiver left sidewall still carries the "Waffenfabrik Mauser" inscription, which is interesting as this was changed in 1922 to "Mauser Werke". Since this rifle was manufactured much later in 1929, it probably indicates that Mauser used an earlier action from inventory.

In order to allow loading of the long LT capped round by means of stripper clips, a small cut-out was machined into the receiver ring. The feed ramp was also moved forward by about 6 mm to accommodate the longer magazine box. Once again one can but wonder why Mauser went to all this trouble and did not simply ignore the LT capped ammunition. Had they done so and used only the "normal" 250-grain round-nose ammunition, the cut-out in the receiver ring would not have been necessary.

The Mauser A-type .318 is a classic rifle and much sought after by collectors. The light weight and handiness of the rifle, combined with Mauser's legendary quality and reliability, resulted in an absolutely ideal African medium bore that could also take elephant on occasion. It seems strange that Mauser did not sell a whole lot more of these rifles.

**Rifle No 4: William Evans bolt-action rifle**
This elegant bolt-action rifle was retailed in 1923 by William Evans of 63 Pall Mall, St. James, London and is so marked on the barrel. It is well known that William Evans did not manufacture themselves, so the rifle was probably made by one of the better Birmingham gunmakers specialising in bolt-actions such as Leonard Bros. or Thomas Turner. The rifle is in its original full-length canvas case with a William Evans trade label in the lid.

A commercial Mauser action exclusively built for the .318 calibre, sold by Mauser as the "Model 16" action, was used on this rifle and is marked "Waffenfabrik Mauser" on the left wall. The action has all-matching parts with a Mauser serial number dating from 1922. It is in all aspects 100 % identical to the action of the Mauser A-type mentioned above, except that it has a single square bridge at the rear. It is mated to a 27-inch barrel with ramp front sight and express rear sights with one fixed and two folding leaves. The stock uses an exquisite piece of walnut with a horn tip at the end of a typical short, slim»


SAFARI OUTDOOR
NO MORE HIDE & SEEK
FLIR
FLIR SCOUT TK
FLIR's SCOUT TK
Series thermal handheld camera gives the user the ability to see clearly in total darkness, providing a wealth of information during any nighttime activity.
BLACK HOT
Hot objects appear black. Scenes appear more lifelike than white-hot, especially at night.
INSTALERT
The hottest things in the image are colored and everything else is greyscaled.
RAIN
Well-suited for low contrasted scenes.
JOHANNESBURG
Rivonia Crossing II, 3 Achter Rd, Sunninghill
Tel: 0861 14 35 45
PRETORIA
Lynnwood Bridge Centre, c/o Daventry & Lynnwood Rd
Tel: 0861 22 22 69
STELLENBOSCH
Devon Place Centre, c/o R304 & Bottelary Rd, Koelenhof
Tel: 0861 11 43 30
EAST RAND
East Rand Retail Park, North Rand Rd, Boksburg
Tel: 0861 000 071
KRUGERSDORP
Cradlestone Mall, Hendrik Potgieter Rd, Ruimsig
Tel: 087 075 0865
follow us on social media:
or visit our website: www.so.co.za



The William Evans rifle in its full-length case.

» British fore-end and has beautiful flat-top checkering.

The rifle weighs 8,2 pounds and has no Mauser proof marks, only British proofs. It does, however, have three sets of serial numbers, namely the Evans number on the barrel and action, the Mauser number on the action and all its parts, and a third number on the barrel and action, which must be that of the original gunmaker.

All the work required on the action in order to handle the .318 cartridge had already been done by Mauser, so there was no further need to alter the action. Interestingly, the cut-out in the receiver ring has a different profile to that of rifle No 3, indicating that Mauser left this off at the factory, perhaps in case the user did not want to use the LT capped bullet.

This is a classic example of a timeless British bolt-action sporter in a legendary calibre. Although the rifle is technically very similar to rifle No 3, it does have that little extra class and prestige of a handmade rifle.

**The .318 Square Shoulder**

A very interesting modification to the .318 cartridge was patented by Leslie Taylor and F Sanders of Westley Richards in 1911, called the ".318 Square Shoulder". The .318 case was "blown out" to have a very square shoulder, almost like the later Ackley Improved cartridges, but unlike the Ackley cartridges, the motivation was not for increased powder capacity. Instead it was claimed that the shoulder provided a more positive stop for headspacing of the cartridge, somewhat like a rimmed cartridge. Interestingly, in the patent drawings it is shown that the inside of the case maintained the sloped shoulder of a conventional case.


.318 Rimless Square Shoulder cartridge.

It seems that this cartridge was somewhat experimental in nature, with only two known rifles chambered for the .318 Square Shoulder. Westley Richards probably found soon enough that the normal .318 headspaced just fine and there was no need for any improvements. The owner of such a rifle could use the normal .318 Rimless loads, as it also headspaced perfectly in the chamber.

Original .318 Square Shoulder cartridges are very scarce and eagerly sought by cartridge collectors.


Mauser single-square bridge No 16 action used on this rifle. Notice the cut-out in the receiver ring.

**Sources and acknowledgements:**

* *African Rifles and Cartridges* by John Taylor.
* *Karamojo Safari* by W.D.M. Bell.
* .318 hollow LT pointed-capped cartridge and information supplied by cartridge collector D.W. Schoeman.
* .318 double rifle now in the collection of Paul Smit.

# MAKE YOUR GATOR™ READY FOR THE FARM



FRONT FENDER GUARD | BRUSHGUARD | FOCUSED BEAM LED LIGHTS | CARGO BOX FENDER GUARD
TAIL LIGHT PROTECTOR | REAR BUMPER | BALL HITCH | WINCH | WINDSCREEN

**ENQUIRE WITH YOUR TRUSTED JOHN DEERE DEALER ABOUT ALL AVAILABLE ATTACHMENTS FOR YOUR GATOR™**

*Believe in greater*

JOHN DEERE

*Terms and conditions apply
(available at www.deere.com/sub-saharan).

Locate your nearest dealer:
www.deere.com/sub-saharan/en/our-company/contact-us/

deere.com/sub-saharan | africa@johndeere.com | Customer Care: 080 098 3821

JohnDeereAfrica



My voltooide mes – 'n lekker bruikbare jagmes wat 'n leeftyd sal hou.

# DIE LEKKER VAN MESMAAK

'n Kuns amper so oud soos die mens.

Die mesmaak-kuns is so oud soos die mensdom self en die eerste metaalmesse is gevind in uitgrawings waarvan die oorsprong terugdateer na die Brons Era, so 4 000 jaar gelede. Dit was nog altyd – en sal altyd – in die mensdom se toekoms die mees basiese, maar seker ook die algemeenste en noodsaaklikste stuk gereedskap bly.

Ek het in die 1980's as tiener my eerste mes in my pa se motorhuis gemaak. Die eenvoudige stuk sagte staal het na baie ure se sweet na 'n lem begin lyk, maar ek het geen manier gehad om die lem te verhard nie. Dit het dus baie vinnig stomp geword tydens my tiener-ekspedisies in die veld.




Om die lem te holslyp verg senuwees van staal en 'n bestendige hand. Dit neem 'n hele paar lemme se slyp om dit reg te doen.




'n Paar stukke van die klein gereedskap wat ons gebruik het soos bolsterklampe, merkblou en else.



Gawie Herbst demonstreer hier hoe om die bolster aan die tang vas te hamer.

Sedertdien wou ek dit nog altyd ordentlik doen en het in Julie 2019 'n vastelem-mesmaakkursus by Gawie en Thinus Herbst se akademie in Pretoria bygewoon. Beide hierdie manne is lede van die Mesmaker-gilde van Suid-Afrika en het tussen hulle 'n horde toekennings verwerf. Die kursusse word oor naweke aangebied; vroeg Vrydagoggend tot laat Saterdagmiddag. Dit is 'n inleidende kursus wat daarop gemik is om jou die basiese beginsels en tegnieke te leer, asook die gepaardgaande veiligheidsaspekte.

Om al die tegnieke en metodes te leer, sal seker weke neem, dog met Gawie en Thinus se wakende oë en hulp is dit moontlik om die belangrikste aspekte te bemeester in die tyd wat toegelaat word. Al die kursusmateriaal word in boekformaat aan elke aspirant-mesmaker gegee, maar Gawie verwys selde daarna en verkies om met praktiese illustrasie die boodskap oor te dra.

**EK MAAK MY EIE MES**

So, hoe gaan 'n mens te werk? Elke kursusganger ontvang 'n stuk N690 vlekvrye staal wat reeds met laser in die basiese vorm van die mes gesny is. In hierdie geval was dit 'n mediumgrootte jagmes. Die N690 is 'n ou bekende onder mesmakers en 'n ideale staal vir dié tipe toepassing. Die eerste stap is om te

> Ek dink die geheim lê in die stap-vir-stap-benadering wat gevolg word, asook die hulp om jou foutjies reg te maak soos wat ons vorder.

merk waar die "bolster" of versterker aan die hef gaan vaskom, asook om die gaatjies te merk vir die vlekvrye staal-pennetjies wat die bolster aan die "tang" of hef vashou. Die rede hiervoor is omdat die "ricasso" se lyn en posisionering bepaal word deur waar die bolster vasgesit word – 'n mens kan die ricasso skuif deur afmaling, maar die bolster se posisie is vas as die gate eers geboor is.

Tweedens word die tang gemerk vir die gaatjies van die vlekvrye staal-pennetjies, wat die hefmateriaal aan die tang sal heg – dit dien as 'n versterkingsmeganisme maar het ook estetiese waarde. Die gaatjies word dan geboor vir al hierdie penne – so 0,1 mm groter as die pennetjies se grootte. Die rede hiervoor is dat wanneer die lem verhard word, die staal effe krimp en die gaatjies 'n titseltjie kleiner word, wat kan maak dat die penne nie meer deur die gat sal gaan nie. Selfs onverharde N690-staal is reeds baie hard en boorpunte van kobalt word gebruik. Die enigste tyd wanneer deur die staal geboor kan word, is vóór verharding. Ná verharding sal nie eens kolbalt-boorpunte deur die staal kom nie.

'n Stuk staal in die vorm van 'n mes raak natuurlik 'n gevaarlike wapen as die boorpunt hom vasgryp, dus het die Herbstboormasjien spesiale penne in die basis se tafel om te verseker dat indien die mes begin tol, hy vinnig vasgevang word. Nieteenstaande hierdie veiligheidsmeganisme moet 'n mens jou gesonde verstand ook gebruik... Ek was nie soseer bekommerd oor myself nie, maar wel oor die veiligheid van een van my vriende se tienerseun wat uit die Kaap gekom het om die kursus saam met my te doen, en vir wie ek verantwoordelik was in sy pa se afwesigheid.

Met die gaatjies klaar geboor, was dit tyd om met die hulp van 'n ontbramer die klein brame aan die rante van die gate te ver- »

» wyder. Weereens het Gawie al die werk gestop en presies aan elke kursusganger verduidelik hóé om dit te doen, aangesien dit net so gevaarlik kan wees as 'n mens verkeerd te werk gaan. Die basiese beginsel met maalwerk is dat jy heeltyd beheer moet uitoefen oor die lem en téén die draairigting, wat ná jou draai, van die slypband of -skyf moet werk. Sodoende is dit redelik maklik om die lem vas te hou, maar as die band of skyf weg van jou draai en hy gryp die lem, het jy 'n groot probleem (g'n mens sal die lem kan vashou as die band hom gryp nie en dit word 'n gevaarlike projektiel).

Volgende het ons die maallyne op die mes uitgemerk met behulp van "merkblou" en 'n skerp els. Om 'n lem te holslyp of "hollow grind", sit nie in elke ou se broek nie en is seker die stap in die mesmaakproses wat die meeste vernuf en aanvoeling verg. Ons het op goedkoop, sagtestaal-lemme geoefen nadat Gawie eers vir ons verduidelik en gewys het hoe om te maak.

Weereens is die rigting van die belt se draai uiters belangrik – 'n mens hou die mes met sy snyvlak na bo en druk hom teen 'n belt wat afwaarts na jou toe draai. Sodoende, as die belt die lem gryp, gooi hy hom grond toe en nie in jou gesig nie. Dit is egter senutergend – een verkeerde beweging en die (duur) lem is daarmee heen... Ek het stadig te werk gegaan; 'n bietjie op 'n slag gedoen en gereeld die lem in water afgekoel. Nadat ek so 90 % van die nodige maalwerk gedoen het, het my moed my begewe toe ek dink dat al hierdie werk verniet sal wees as ek met die finale lyntjies en snyvlakdikte sou droogmaak – ek wou graag 'n baie mooi mes huis toe neem! Thinus het die uitdrukking op my gesig soos 'n boek gelees en aangebied om die finale bietjie slypwerk te doen. Met sy jare se ondervinding het hy so een of twee plekkies ook vir my reggemaak wat my ongeoefende oog nie raakgesien het nie en die eindresluitaat was so te sê perfek.



Die basiese komponente van hierdie tipe mes – vlekvrye staal- en bolsterblokkies, hout vir die handvatsel, en vlekvrye staal-penne.

## VERHARD DIE LEM

Volgende aan die beurt was die verharding van die lem. Gawie het al die kursusgangers se lemme geneem en gedemonstreer hoe om dit te doen, tesame met 'n omvattende verduideliking van die moets en moenies.

Die lemme word toegedraai in 'n stukkie koerantpapier (wat natuurlik die suurstof om die lem opbrand sodat dit nie die proses beïnvloed nie), asook 'n spesiale foelie. Hulle word dan verhit (afhangend van die spesifieke staal se verhardingsprotokol) tot so 1 060 °C. Dis daar gehou vir ongeveer 18 minute en toe onmiddellik in 'n spesiale olie (Genheat 22) gedruk. Sodra hulle uit die olie kom, word hulle geïnspekteer om te sien of alles reguit is en 'n finale buigie of twee gegee terwyl die lem nog redelik warm is, net om seker te maak. Die verharde lemme word dan gebrei deur hulle ongeveer 'n uur lank teen 180 °C te bak – dit laat die struktuur van die metaal die regte vorm aanneem en verseker die korrekte sterkte en buig-saamheid van die lem.

Ons messe het nou na messe begin lyk, en die volgende stap was om die ricasso en tang skoon te maak, asook om die slypwerk te doen. Die finale holslyp verwyder alle krappe wat deur die vorige (meestal growwer) belde agtergelaat is. Die mes word dan met die hand geskuur. In hierdie geval het ons messe met 'n spieëlafwerking gemaak en eers met 600 gruis-waterskuurpapier begin en met 1 500 gruis-waterskuurpapier geëindig. Dit is baie belangrik om seker te maak dat die vorige skuurpapier se merke almal verwyder is voordat daar aanbeweeg word na 'n fyner papier.

Volgende word die bolsters aan die tang vasgesit. Ons het hulle uit vlekvrye staal (316) gemaak terwyl ons lemme in die oond was. Basies behels dit om alle oppervlakke gelyk en eenvormig te kry sodat dit perfek teen die tang pas en daar nie onooglike gapings is nie. Slegs die voorkant van die bolster word sy finale afwerking gegee voordat hulle met die pennetjies (ook 316) aan die tang vasgehamer peen word – ook 'n proses wat redelike konsentrasie verg. Die vorm van die bolster aan sy buitekante word dan met die belt- en skyfskuurder gedoen. Die idee is dit moet só gedoen word dat die pennetjies nie in die finale produk sigbaar is nie.

## AMPER 'N MES

Die produk het nou soos 'n mes begin lyk, en die volgende groot stap was om die handvatsels aan te sit. Ons het Dymondwood gebruik en volgens Gawie is dit 'n baie goeie materiaal om mee te werk. Dit is ook duursaam en prakties. Dis van kritieke belang dat die oppervlakke teen die bolster aan die voorkant en die hef se plat kante, heeltemal plat is en dat die gaatjies vir die vlekvrye staal-pennetjies op presies die regte plek

geboor word.

As dit korrek klaar gedoen is, word die hefmateriaal aan die hef geplak met behulp van 'n epoksie-mengsel wat binne 'n paar minute droog word. Die volgende stap is dan om die hef sy vorm te gee. Weer word die verskillende slypmasjiene gebruik asook skuur met die hand, eers grof en dan al hoe fyner skuurpapier, totdat die afwerking seepglad is. Tydens hierdie proses word alle oppervlakke wat nie geskuur moet word nie met maskeerband toegedraai om dit te beskerm.

Die mes word dan gepoleer – weereens 'n potensieel gevaarlike proses en 'n mens moet kophou en 'n bestendige hand gebruik. Laastens word die mes op die bandslypmasjien tussen die wiele skerpgemaak. Die draairigting word vir hierdie proses omgedraai sodat die gedeelte van die belt wat jy gaan gebruik, wegdraai van jou af. Eintlik word daar net 'n snyvlak gemaak – die finale skerpmaak kan met 'n steen of spesiale skerpmaakmasjiene gedoen word.

Thinus het ons toe gewys hoe om 'n embleem (wat ons elkeen kon kies) op die lem te ets, wat natuurlik iets persoonliks van die maker op die lem sit. Party van ons het gekies om die bolsters te "stippel", wat 'n pragtige afwerking daaraan gee.

**DIE FINALE RESULTAAT**

Die resultaat? 'n Pragtige mes, al moet ek (en al die ander kursusgangers) self so sê! Ek het nie gedink dat dit vir 'n beginner moontlik sou wees om dit reg te kry in net twee dae nie, maar onder die Herbst-manne se hande en leiding was dit wel so. Ek dink die geheim lê in die stap-vir-stap-benadering wat gevolg word, asook die hulp om jou foutjies reg te maak soos wat ons vorder. Gawie en Thinus is vriendelik, baie goed met wat hulle doen, en mev. Herbst se ontbyte en middagetes is heerlik.

Elke kursusganger wat die kursus voltooi, kry 'n sertifikaat asook 'n leerskede vir sy of haar mes. Benewens die mesmaakkursusse vervaardig hulle ook 'n reeks mesmaaktoerusting en bied spanboukursusse aan. Ek beveel só 'n kursus ten sterkste aan vir elke beginner wat belangstel om sy eie mes te maak.



Gawie hou 'n wakende oog oor een van die kursusgangers wat besig is om die ricasso op die mes skoon te maak. Hy maak seker almal verstaan die veiligheidsrisiko's voordat met die proses begin word.



# JAGPUNTE VIR 'N BOOG

Kies die korrekte punte vir jou jagboog.

Wat heel voor aan 'n pyl is, maak baie saak, want dit is die gedeelte wat die dier tref en moet doodmaak. Moet my nie verkeerd verstaan nie, jy moet gewis 'n boog gebruik waarin jy vertroue het en wat akkuraat skiet. En ja, jy moet skootplasing oefen om seker te maak die pyl tref waar jy mik. So moet jy ook sorg dat jy jou prooi met oorleg kies en net skiet wanneer die dier reg staan en jy weet waar om te mik om die longe en die hart te tref. Maar al skiet jy so akkuraat soos 'n skerpskutter en is jou boog dalk die nuutse en vinnigste op die mark, en al tref jy die bok op die regte plek, kan jy steeds die skoot verbrou omdat die jagpunt nie sy werk gedoen het nie. Derhalwe is die jagpunt van die allergrootste belang.

**WAARNA MOET JY KYK?**

Wanneer ons 'n jagpunt kies is daar 'n klomp faktore om in ag te neem, soos byvoorbeeld die grootte, ontwerp, duursaamheid, akkuraatheid en ook hoe skerp dit is. Ons kan oor baie tegniese aspekte praat, maar dit sal waarskynlik nie van praktiese waarde vir die meeste boogjagters wees nie, daarom gaan ek dit eerder vermy.

Dit is egter belangrik om te weet dat die werking van 'n pyl baie verskil van dié van 'n koeël. 'n Pyl werk soos 'n mes- of spiessteek: dit maak dood deur te sny en bloeding te veroorsaak. Hoe meer skade dit binne die dier veroorsaak en hoe vinniger die dier bloei, hoe meer effektief is die skoot. Indien die pyl-en-jagpuntkombinasie verkeerd is, kan die dier lank neem om dood te gaan of selfs die skoot oorleef.

Verder moet elke nuwe boogjagter weet dat wild nie met 'n gewone oefenpunt *(field point)* gejag kan word nie. Al is dié punte skerp en lyk dit soos 'n



'n Gemsbok wat met 'n meganiese punt met 'n snywydte van 2" geskiet is.



**LINKS:** 'n Duidelik bloedpsoor op sand.

**ONDER:** African Pathfinder-tweelem-jagpunte wat in Suid-Afrika vervaardig word.




koeël is dit geensins effektief om diere mee te jag nie. Selfs 'n skoot in die hart met 'n oefenpunt is 'n groot waagstuk en moenie eers probeer word nie.

### DIE ERA VAN MEGANIESE JAGPUNTE

Jare gelede, toe ek met pyl en boog begin jag het, was daar nog baie weerstand teen meganiese jagpunte. Die meeste boogjagters het net met vaste punte gejag omdat hulle bang was die meganiese punt gaan nie heeltemal ontplooi wanneer dit die dier tref nie en dan sit jy met 'n gekweste dier. Deesdae jag die meeste boogjagters egter met meganiese punte en die gebruik van vaste jagpunte is ver in die minderheid.

Vastelem-jagpunte bestaan al eeue lank, terwyl meganiese punte relatief onlangs ontwerp is. Die eerste modelle wat kommersieel vervaardig is, het in die laat-1980's hul verskyning gemaak. Ek het in 1996 met 'n tradisionele boog begin jag en het vaste punte verkies. In 2000 het ek 'n kragboog by Don Castrup van PSE gekry en het van die begin af meganiese punte gebruik wanneer ek daarmee jag. Ek het nie 'n enkele geval gehad waar ek 'n bok gekwes of verloor het weens 'n meganiese punt wat nie ontplooi het nie. Nie al die pyle wat ek geskiet het, was goed nie en ek het wel 'n paar bokke gekwes, maar dit was altyd weens my eie tekortkominge en foute, en nie as gevolg van die boog, pyl of jagpunt nie.

Beteken dit dat vastelem- of meganiese jagpunte nooit misluk nie? Nee, dit gebeur soms, maar as jy die punte sorgvuldig kies, seker maak hulle is vlymskerp en alles goed nagaan voordat jy dit gebruik, is die kanse bitter skraal dat hierdie stukkie toerusting jou sal faal.

Ek het natuurlik ook seker gemaak dat ek meganiese jagpunte gebruik wat deeglik getoets en duursaam is. Destyds was Rocket Steelheads nog redelik nuut op die mark, maar Adriaan Rall, 'n baie ervare boogjagter, het dit getoets en aanbeveel. Hy was nie verkeerd nie. Ek het sedertdien baie bokke suksesvol daarmee gejag en gebruik dit steeds.

Daar is deesdae baie meganiese jagpunte wat effektief is en waarskynlik meer skade doen as die punte van 20 jaar gelede, soos byvoorbeeld 'n Rage Hypodermic-meganiese jagpunt en ander.

### DIE NIMMEREINDIGENDE DEBAT

Daar is 'n gesegde onder boogjagters dat die beste jagpunt die jagpunt is waarmee jy jou laaste bok platgetrek het. Dit is ook waarskynlik waarom die debat oor wat die beste jagpunt is nooit sal ophou nie. Soos reeds genoem, glo baie boogjagters dat net vaste jagpunte vertrou kan word, terwyl ander reken dit vlieg nie dieselfde as hulle oefenpunte nie en daarom verkies hulle meganiese jagpunte. Sommige jagters gebruik punte met drie of vier lemme terwyl ander tweelem-jagpunte verkies.

Op navraag by boogjagwinkels is dit duidelik dat Rage se meganiese jagpunte tans die beste verkoop. Die rede hiervoor is die lemme se groot snyoppervlakte wat baie skade doen wanneer dit deur die bok sny. Meganiese punte is maklik om in te stel en dié punte vlieg net soos die punte waarmee boogjagters oefen. Die jagter weet dus wanneer hy 'n pakkie »





G5 se Striker-vastelemjagpunt. Die soort jagpunte se lemme is vervangbaar sou dit tydens 'n jagtog beskadig.



G5 se Montec-jaglemme. Dié jagpunt is 'n vastelem-jagpunt waarvan die lemme nie vervang kan word nie.

» jagpunte (wat dieselfde moet weeg as die oefenpunt waarmee seker gemaak is of die pyl perfek vlieg) oopmaak en vooraan die pyl inskroef, die pyl sekuur gaan vlieg.

Die vere agter op die pyl dra baie daartoe by dat die pyl reguit vlieg. Met 'n groot vaste lem aan die voorpunt (wat sy eie turbulensie veroorsaak) kan dit die werking van die vere teëwerk en die pyl effens in 'n ander rigting laat swaai. Dis nie altyd die geval nie, maar gebeur dit wel moet die visiere spesiaal vir die betrokke jagpunte ingestel word. Wanneer die jagter weer met die oefenpunte skiet, tref dit dan nie op dieselfde plek nie. Met moeite en geduld is dit meestal moontlik om die pyle só in te stel dat dit wel met jag- en oefenpunte op dieselfde plek tref, maar nie alle jagters het die geduld, kennis of vaardigheid om dit te kan doen nie. Meganiese jagpunte skakel dié probleem grootliks uit, aangesien hierdie jagpunt gewoonlik dieselfde groepering op dieselfde plek sal skiet as 'n oefenpunt. Dit is omdat die meganiese jagpunt se lemme invou en nie turbulensie veroorsaak terwyl dit deur die lug na die bok vlieg nie.



'n Voorbeeld van 'n hibried-jagpunt. Dié jagpunte het kleinerige vaste lemme, asook meganiese lemme wat met impak ontplooi.

## DIE BELANGRIKHEID VAN DIE LEMME

Die lemme van 'n meganiese jagpunt ontplooi met impak. Daarom is dit van groot belang dat die punte reg ontplooi en nie in 'n geslote posisie bly wanneer dit die prooi tref nie. Sou dit gebeur, is die resultate baie dieselfde as wanneer jy 'n dier met 'n oefenpunt sou skiet.

Sommige meganiese jagpunte het ook 'n vaste lem vooraan wat snyskade veroorsaak indien die punt nie ontplooi nie. Dié vaste lemme se snyskade is natuurlik baie kleiner as wat dit sou wees wanneer die meganiese lemme ook ontplooi. Om hierdie rede is daar hibried-jagpunte beskikbaar wat groter vaste lemme het, sowel as meganiese lemme wat met impak ontplooi. 'n Hibried-jagpunt soos dié van Rage het 'n snyvlak van 2" en meer. 'n Heelwat kleiner snywydte is genoeg om die bok dood te maak, dus sal die lemme genoeg skade doen om die dier te dood, al ontplooi die meganiese lemme nie. Let wel: omdat hibried-jagpunte ook vaste lemme het, is daar 'n kans dat dit die vlug van die pyl kan verander, net soos ware vastelem-jagpunte.

Die meeste vaste lemme se wydte is ongeveer 1¼" terwyl meganiese punte gewoonlik wissel tussen 1½" en 2". Meganiese jagpunte sny dus wyer wanneer dit die bok deurboor en het 'n beter kans om are af te sny, die hart te tref en meer skade aan die longe te veroorsaak – alles dinge wat help om die dier gouer te laat val.

Baie jagters reken ook dat 'n vaste lem makliker deur 'n ribbebeen gestop kan word, terwyl 'n meganiese jagpunt se een lem kan afbreek terwyl die res van die punt verder deur die dier dring. Omdat die snyvlak van meganiese punte so groot is, het die gedeelte wat verby die ribbe breek en die longe penetreer nog 'n groot genoeg snyvlak om genoeg skade te doen en die dier gou dood te maak.

Die groter wond wat deur 'n meganiese jagpunt veroorsaak word, beteken ook dat die dier vinniger bloed verloor wat 'n duidelike bloedspoor laat en makliker is om te volg.

## PRAKTIESE ONDERVINDING IN DIE VELD

Ek haal graag Fritz Rabé, 'n bekende professionele jagter, aan wat navorsing oor die onderwerp gedoen het. Sy toets was gegrond op 800 diere wat oor 'n tydperk van vyf jaar gejag is. Die spesies het steenbok, duiker, Sharpe se grysbok, vlakvark, rooibok, blesbok, njala, koedoe, blouwildebees, sebra, waterbok, tsessebe, swartwitpens, bastergemsbok, kameelperd, buffel, eland, leeu, luiperd, seekoei, olifant, krokodil, oribi, rietbok, bosvark, gemsbok, rooihartbees, volstruis en jakkals ingesluit.

**Dié steekproef sluit nie diere in wat met 'n kruisboog gejag is nie, maar wel met 'n langboog en/of gekurfde boog:**

- Die gewildste jagpyle het tussen 485 en 560 grein geweeg.
- Vastelem-jagpunte is in 53 % van die jagte gebruik en meganiese jagpunte in 47 %.
- Vir dikvellige diere is tweelem-vastejagpunte gebruik.
- Die meganiese jagpunt wat die gewildste was, was die tweelem-Rage 100 grein, met die 100 grein Scorpion en T3 kort op die Rage se hakke.
- Vaste lemme wat die meeste gebruik is, was Slick Trick



Thunderheads is ook vastelem-jagpunte met lemme wat vervang kan word.

(31 %), Muzzy (26 %), Montec (20 %), German Kinetic (14 %) en dan volg die ander.

- 18 % van die diere is gekwes en 2 % is nie gevind nie.
- Van hierdie klein persentasie diere wat gekwes is, is 59 % van die diere met meganiese punte van verskeie soorte gewond. Die ander 41 % is met vaste lemme gekwes.
- Uit die diere wat met vaste lemme gekwes is, is 48 % daarvan met Montec-jagpunte geskiet.
- Die vaste lemme wat die beste gevaar het, was Slick Trick- en German Kinetic-jagpunte – wat onderskeidelik gesorg het vir net 9 % en 4 % van die kwesskote. German Kinetic het dus die beste gevaar van al die jagpunte.
- 'n Paar van die jagters het sogenaamde *fixed-spandable*-jagpunte gebruik, wat dus 'n hibried-jagpunt is, m.a.w. 'n kruising tussen 'n vastelem- en 'n meganiese jagpunt. Fritz het die jagpunte egter nie in sy berekeninge gebruik nie omdat dit te moeilik was om dit te klassifiseer.
- Diere wat die meeste gekwes is, was vlakvarke en rooibokke, gevolg deur wildebeeste, duikers, sebras en waterbokke.
- Nege kameelperde is gejag, drie is gewond, maar nie een is verloor nie.
- Behalwe die ses buffels is nie een van die ander Groot Vyf-diere gewond nie.
- Fritz sê een van die dinge wat hom nogal verbaas het, is dat 19 % van die jagters vroue was, maar hulle het net tot 4 % van kwesskote bygedra. 82 % van die vrouejagters het vastelem-jagpunte gebruik.

Een van die redes waarom vroue meestal met vastelem-jagpunte jag, is omdat hulle gewoonlik boë met 'n ligter trekkrag gebruik. Boogjagters is bang dat 'n boog met 'n ligte trekkrag nie die pyl vinnig genoeg skiet nie, en dus nie die dier hard genoeg tref om 'n meganiese punt behoorlik te ontplooi nie. Dit is ook waarom min tradisionele boogjagters dit sou oorweeg om met meganiese punte te jag. Langboë en gekurfde boë *(recurves)* kan nie 'n pyl teen dieselfde snelheid as 'n kragboog *(compound)* skiet nie – al het dit dieselfde trekkrag.

Die bekende Amerikaanse boogjagter, Dave Holt, het letterlik honderde Afrika-diere oor baie jare gejag. Sy gunstelingjagpunt tans is die 125 grein Rage Hypodermic. Hy verkies meganiese jagpunte bo vastelem-jagpunte, maar indien hy met 'n vastelem-jagpunt skiet, gebruik hy G5 se 125 grein Striker met vervangbare lemme. G5 maak ook die Montec, maar Dave reken die Striker is 'n baie beter jagpunt. Hy sê hy het ook baie diere met ander jagpunte gejag, soos New Archery Products se 125 grein Killzone en verskeie van Grim Reaper se meganiese jagpunte.

Cleve Cheney, ook 'n baie bekende boogjagter en skrywer, het baie navorsing oor jagpunte gedoen en bevind dat dit waarskynlik beter is om met vaste lemme te jag, sou jy bereid wees om die moeite te doen met die jagpyl se vlug en om dit te behoorlik te laat groepeer.

Hy reken ook in die meeste gevalle waar meganiese jagpunte nie reg ontplooi het nie, is wanneer dit nie korrek toegepas is nie. Indien jy die jagpunt gebruik om diere te skiet waarvoor dit ontwerp is, sal jy net soveel sukses daarmee behaal as met 'n vastelem-jagpunt. Hy sê tereg dat indien jou skootplasing akkuraat is, die dier gou sal val en ook 'n goeie bloedspoor laat. Meganiese jagpunte is nie vir groot, dikvellige diere ontwerp nie, en as jy buffels, kameelperde en groter diere wil jag, vermy liefs meganiese punte en jag met 'n bekende vastelem-jagpunt soos 'n German Kinetic.



Die Rage Hypodermic Trypan het 'n skerp punt voor met twee lemme wat met impak ontplooi.

## HOU HULLE SKERP!

Jagpunte moet altyd vlymskerp wees. 'n Stomp jagpunt skeur die vesels en die oneweredige snyvlak veroorsaak dat bloedplaatjies maklik daaraan heg, stol, en die bloedvloei stuit. 'n Vlymskerp jagpunt sny die vesels glad af en veroorsaak dat die dier meer bloed verloor en ook 'n beter bloedspoor laat.

## OPSOMMING

Wat kan ons dus aflei uit alles wat gesê is?

1. Jagpunte moet vlymskerp wees.
2. Die jagpunt-en-pyl-kombinasie moet sorg dat dit perfek vlieg.
3. Die pyl moet swaar genoeg wees om te verseker dat dit genoeg momentum het om die punt diep genoeg in die dier in te skiet en te dood. Dit moenie breek wanneer dit die ribbes tref nie.
4. Die jagpunt se snyvlak moet groot genoeg wees om genoeg skade te doen om die dier gou dood te maak.

Of jy met meganiese of vastelem-jagpunte jag is meestal net 'n persoonlike voorkeur. Albei het voor- en nadele, maar is ewe dodelik. Ek verkies meganiese jagpunte vir my kragboog en vastelem-jagpunte vir my langboog. Gebruik 'n vastelem-jagpunt indien jy grootwild wil jag.

Moenie te veel oor jagpunte tob nie. Die meeste bekende jagpunte – vaste lemme of meganiese jagpunte – is goed genoeg om mee te jag. Daar bestaan waarskynlik nie 'n perfekte jagpunt nie, en onder die regte omstandighede kan enige van die jagpunte jou in die steek laat. Vra hulp by 'n boogwinkel in dié verband. Bekende jagwinkels soos Archer's Edge, Magnum en Wildebees het mense met baie kennis en jagervaring en sal jou gou op die regte spoor plaas. Luister ook na ervare boogjagters se raad en doen jou eie navorsing op die internet.

En onthou, twee goue reëls om altyd te volg is: Een, moenie goedkoop namaaksels koop nie; en twee, moenie goedkoop namaaksels koop nie!




Die 7x64 Sako is ’n kompakte, ligte jaggeweer. My klein rugsakkie is al menige kere as ’n dooierus gebruik tydens stapjagte in oper dele.

# DIE 7X64 VIR DANS, KERK EN WERK

## Wilhelm Brenneke se veelsydige 7 mm.

Dit was tyd vir my eie geweer en die plan was om net een geweer vir die res van my lewe te hê. Hierdie een enkele geweer sou alles jaggewys moes doen, tot en met die skiet van elande, so ek was op soek na die perfekte, magiese *all-rounder*.

Ek het met my pa se Sako .308 in die Oos-Kaap grootgeword en die geweer gebruik op duikers, ribbokke, bosbokke en koedoes. By tye het ek egter gevoel dat ek kon doen met iets wat ’n bietjie meer bene as die .308 het (en voor die .308-aanhangers my wil kruisig, ek het mettertyd ’n .308 ook aangeskaf). Aanvanklik het my Duitse oom Kuno eers sy Sako L61R .270 Winchester vir my te koop aangebied, maar ek het gou agtergekom dat sy sentiment vir die geweer ’n transaksie sou verhoed, so my soeke het voortgeduur.



Hierdie swartwildebeeskoei is op ’n afstand van 265 m naby Zastron geskiet. Sy het met ’n hartskoot net sowat 10 m gevorder voordat sy geval het. Ek het Nosler Ballistic Tips teen 2 950 vps gebruik.

## DIE FONDS

Ek was op vakansie by Kaap St. Francis en het by die Humansdorpse Koöperasie gaan rondsnuffel vir 'n nuwe geweer. My fokus het na gewere in .30-06 verskuif toe die verkoopsman 'n klip in die bos gooi en ek goeie pryse op 'n Winchester of 'n Steyr kon kry. Oom Riaan Vermaak het die idee van 'n 7x64 Brenneke by my geplant. Hy het my vertel van die kaliber se veelsydigheid en hoe baie hy sy Brenneke geniet vir algemene jag. Met die beskikbaarheid van hoë BC 7 mm-koeëls van 120 tot 175 grein, kan die kaliber teoreties die volgende trompsnelhede bereik uit 'n 24"-loop: 120 grein teen 3 200 vps; 140 grein teen 3 000 vps; 160 grein teen 2 850 vps; en 175 grein teen 2 700 vps.

Op daardie stadium het ek nog nie my eie patrone gelaai nie, maar my bekommernis oor die skaarsheid van ammunisie in dié kaliber is ook besweer. In Suid-Afrika sal jy fabrieksammunisie van Norma, Sako, Sellier & Bellot, Prvi Partizan, Remington en PMP geredelik op geweerwinkels se rakke kry.

Europese wapenvervaardigers soos Mauser, Blaser, Sauer, Steyr, Sabatti, Heym, Tikka, Sako en CZ bou gewere in dié kaliber. Ek het uiteindelik op 'n Sako 85 Hunter besluit, en alhoewel die spesifieke geweer nog by die invoerder gelê het, het ek voortgegaan met die koop. Ek het 'n paar Sakos in ander kalibers in die winkel hanteer en gehou van hoe kompak die gewere is. "Solank die roer net nie 'n vlekvrye staalloop het nie," het ek hom vertel.

## OORSPRONG VAN DIE 7X64 BRENNEKE

Met groot afwagting op my nuwe geweer het ek begin oplees oor die kaliber. Die 7x64 het tydens die Eerste Wêreldoorlog in 1917 die lig gesien. Die Duitser, Wilhelm Brenneke, het eers 'n 8x64 ontwikkel wat hy sonder sukses as hul nuwe dienskaliber aan die Duitse weermag wou verkoop. Hy het later die dop afgenek na 7 mm toe, en so is 'n wenner gebore.

Dié kaliber is tot vandag nog een van Europa se gewildste jagkalibers. In Suid-Afrika is die kaliber nie naastenby so volop soos .270's en .30-06'e nie, maar is tog ook nie onbekend nie. Hier in Ellisras waar ek al vir die laaste agt jaar woon, het ek 'n hele paar 7x64's in die jagveld en op die skietbaan teëgekom.

Die 7x64 het dus vir homself 'n plekkie in die son losgeslaan in ons land.

In Amerika is die 7x64 taamlik onbekend. Hulle middelslag 7 mm-kaliber is die .280 Remington wat in 1958 ontwerp is, en dié kaliber se werksverrigting en ontwerp is bykans identies aan dié van die 7x64. Die Brenneke-dop het egter 'n effens skerper skouer as die .280 s'n. Nes die 7x64, beslaan die .280 Remington die klein ballistiese ruimte tussen die .270 Winchester en die .30-06 Springfield.

Die .280 Remington was weens verskeie redes nie baie suksesvol in verkope nie. Eerstens moes die kaliber teen twee van Amerika se befaamde staatmakers meeding, en tweedens het Remington die kaliber in hul Model 740-semi-outomatiese »







**LINKS BO:** My swaer Carel Jacobs het dié koedoebul met die 7x64 in die Oos-Kaapse Coetzeesberge geskiet. Die gelaaide ammunisie wat gebruik is, was 154 grein Hornady InterBonds teen 'n spoed van 2 850 vps. **REGS BO:** Dié ram is onlangs in die Waterberge geskiet. Ek het 156 grein Norma Oryx-koeëls, gelaai teen 2 820 vps, gebruik. **LINKS ONDER:** Die koedoebul is op 277 m in die Waterberge buite Vaalwater geskiet. Ek het 156 grein Norma Oryx-ammunisie, gelaai teen 2 820 vps, gebruik. (Foto: Chris Labuschagne).



**VAN LINKS NA REGS:** .308 Winchester, 7x57 Mauser, 7x64 Brenneke, 9,3x62 Mauser, .300 Winchester Magnum



**VAN LINKS NA REGS:** Kombinasies wat ek in my 7X64 gebruik: 140 grein Nosler Ballistic Tip (2 950 vps), 150 grein Hornady ELD-X (2 850 vps), 156 grein Norma Oryx (2 820 vps), 170 grein Sako Hammerhead-fabrieksammunisie (2 650 vps), 170 grein Norma Oryx-fabrieksammunisie (2 750 vps).

» geweer bemark. Die .280 Remington was teen matige druk gelaai om gladde funksionering van die Model 740 te verseker.

Die aankoms van die 7 mm Remington Magnum, (aangebied in Model 700-grendelaksiegewere) in 1962, was 'n verdere terugslag vir die .280, maar tog het 'n paar lojale volgelinge by die .280 gehou en dit was veral herlaaiers wat meriete in dié kaliber gesien het. Dis alombekend dat die legendariese skrywer Jack O'Connor 'n groot bydrae tot die .270 se sukses gemaak het. O'Connor is as geweerredakteur by *Outdoor Life* opgevolg deur Jim Carmichael. Vir algemene jag was Carmichael se gunsteling-kaliber die .280 Remington. Sy gunstelinglading was 'n 140 grein Nosler Partition teen 'n trompsnelheid van net onder 3 000 vps. Jim se enigste ander ander lading was 160 grein Speer Grand Slamkoeëls vir gebruik op elk en bongo in Afrika.




160 grein Sierra GameKings teen 2 720 vps is 'n baie akkurate lading in my geweer.

## DIE 7X64 ONDER DIE VERGROOTGLAS

Die werksverrigting van die 7x64 val netjies tussen dié van die 7x57 Mauser en die 7 mm Remington Magnum. Met dieselfde koeëlgewigte het die 7x64 'n 150 tot 200 vps-voordeel bo die 7x57, terwyl die 7 mm Remington Magnum weer dieselfde marge bo die 7x64 het met dieselfde koeëlgewigte. Die 7 mm Remington Magnum se spoed kom egter teen 'n prys: korter loopleeftyd en meer terugskop. Herlaaiers kan egter stadiger 7x57-bosveldladings met swaar 175 grein-koeëls maklik dupliseer met die 7x64.

'n Paar weke ná die koop bel oom Riaan my en vertel dat my geweer wel 'n vlekvrye staalloop het. Die idee van die blink loop het stelselmatig op my gegroei en ek was heel in my skik toe die geweer uiteindelik by my aanland. Die Sako is 'n kompakte jaggeweer wat sonder 'n teleskoop 3,4 kilogram weeg met 'n looplengte van 22,4". Die loop het 'n groefdraai van 1:10".

My 7x64 dra 'n Zeiss Duralyt 3-12x50-teleskoop wat lekker laag gemonteer is met Sako Optilock-ringe. Die geweer het 'n verwyderbare magasyn wat vyf patrone kan hou. Dis 'n gemaklike drageweer wat goed werk vir stapjag in verskeie terreine.

## SUKSES IN DIE JAGVELD

Die eerste patrone waarmee die 7x64 gevoer is, was gelaai met 160 grein Sierra GameKings teen 'n trompsnelheid van 2 720 vps. Die lading was baie akkuraat, maar ek het gevind dat die GameKings baie sag is, veral op bosveldskiet-afstande. Vir bosveldjag het ek gekoopte 170 grein Sako Hammerhead-ammunisie gebruik. Die gemete trompsnelheid vir die patrone was 2 650 vps.

Ek het mettertyd taamlik rondgespeel met verskillende koeëls en gewigte. Vir langer skote het ek besluit op 140 grein Nosler Ballistic Tips teen 'n spoed van 2 950 vps. Hierdie kombinasie is, naas die 160 grein Sierra GameKings, die akkuraatste lading uit my geweer. Die Ballistic Tips het ek al op 'n paar jagte in die Karoo en Suid-Vrystaat gebruik op klein- en mediumgrootte wild met skietafstande wat gewissel het tussen 150 en 265 meter. Alhoewel die Ballistic Tip 'n konvensionele sagteneus-ontwerp is, het ek in net een geval nie 'n uitgangswond op 'n dier gehad nie, so hulle staan hulle man.

Ek het ook 150 grein Hornady ELD-X-koeëls probeer met goeie resultate. Ek skiet die 150-greiners teen 2 850 vps. My ondervinding met die ELD-X'e was egter dat hulle baie sag is, selfs sagter as die Ballistic Tips. Ek het by verskeie geleenthede op afstande tussen 150 en 200 meter nie uitgangswonde gekry»

SPECIALS VALID FROM 20TH OF NOVEMBER UNTIL TO 31ST OF DECEMBER 2020

Waterval only

# African Adventure

**SAKO 85 BLACK WOLF**
.30-06 SPR PRICE R37 500

**SAKO 85 VARMINT LAMINATED S/S**
.223 REM PRICE R32 500

**TIKKA T3 SPORTER**
.260 REM PRICE R31 500

**ZASTAVA M70**
.375 H&H PRICE R18 995

**STEYR PRO HUNTER S/S**

| | PRICE |
|---|---|
| .308 WIN | R16 500 |
| .30-06 | R16 500 |

**HOWA VARMINT RIFLE + CHASSIS**

| | PRICE |
|---|---|
| 6MM THREADED 26" | R17 250 |
| .243 WIN THREADED 24" | R16 995 |
| 6,5 CREEDMOOR 24" | R15 995 |
The testing set-up was the same as in Part One. The target was at 80 yards from the shooter and the obstruction window halfway between. One shot was fired as a sighter with the window open, then five shots fired so that the projectile hit the media on the way to the target. (See table for results.)



Two of the .458-calibre bullets used for the test include the 480-grain Woodleigh Hydro (right) and the 480-grain Woodleigh FMJ (centre). On the left is a 480-grain Woodleigh Weldcore soft-nose.

**CONCLUSION:**

As far as accuracy and stability go, the same comments apply here as in Part One. If any projectile lands outside the 8-inch circle, then it would be seen as being non-lethal. Only the Hydro bullet put all shots into the 8-inch circle. With regard to penetration, any yawing shows some instability, which in turn may affect penetration. All projectiles types exhibited some instability, although in the case of the



The cross-wire target that was used for the test.

Hydros it was only one projectile.

In comparing the round-nose types (Woodleigh FMJ and the PMP) with the flat-nose types (North Fork and Dzombo), then on the average the flat-point style performed a little better. However, as the results show, this difference is not enough to be relied upon. As in Part One, it is the Hydro bullet that is the standout performer, showing an amazing ability to hit an obstruction and keep going straight.

As mentioned in Part One, this was a tough test by any measure. Also, no bullet can "fail" a test it was not designed to pass in the first place. Therefore, these tests must be put into context – a tough test using an obstruction between the rifle and the target. Finally, as the results of both Parts One and Two show, there is NO bullet that can be totally relied upon if an obstruction is hit during the bullet's flight to the target.

**.450 (3¼") NE**
**TWIST RATE:** 1/14 inches
**OBSTRUCTION:** 16mm hardwood dowel
**DISTANCE TO OBSTRUCTION:** 40 yards
**DISTANCE TO TARGET:** 80 yards

| PROJECTILE | NUMBER OF SHOTS AND GROUP SIZE INSIDE THE 8" CIRCLE | DISTANCE FROM THE DATUM OF EACH SHOT OUTSIDE THE 8" CIRCLE | COMMENTS |
|---|---|---|---|
| Woodleigh 480-grain FMJ | 3 in 2,0" | 4,3" and 8,5" | Some holes showing yawing. |
| PMP 475-grain RN Brass | 2 in 3,3" | 4,1", 5,2" and 6,0" | Only one round hole. Three holes showing visible yaw. |
| North Fork 500-grain FN Copper | 4 in 2,2" | 6" | Three holes showing some yaw. |
| Dzombo 500-grain FN Brass | 3 in 3,7" | 5,7" and 6,0" | Three holes showing some yaw. |
| Woodleigh 480-grain Hydro Brass | 5 in 1,75" | None | One slightly yawing. |









# DIE OOM WAT NIE KON MISSKIET NIE

Praat is een ding, doen 'n ander...

Ek ontmoet die oom op 'n skietbaan in die digte oewerbos langs die Baviaansrivier in die Oos-Kaap. Hy is deel van 'n korporatiewe jaggroep en wil net gou sy roer instel voordat hy 'n paar bokke plattrek. Die oom haal uit 'n deftige sebravelgeweersak 'n netjiese Mauseraksiejaggeweer met een van daardie ou Duitse-tipe kolwe, wat 'n tandestokkiedun voorlaai en te veel val by die hak van die kolf het om gemaklik met 'n teleskoop te kan skiet. Ek merk op die blou Sako-patroonboksie, wat hy versigtig op die skietbank neersit, dat die kaliber .30-06 is. Die teleskoop is afkomstig uit Oostenryk. Die oom ken sy roer, hy skiet 'n drieskootgroepering wat minder as 'n duim meet, presies een duim bo die mikpunt op die teiken.

## REG SOOS 'N ROER

Ons gaan maak 'n draai by die jaghuis vir 'n vinnige middagete voor ons die veld invaar. Die oom praat gewere en jag, ek kan hoor hy weet waarvan hy praat. Ek glimlag by myself; vandag behoort ons nie te sukkel nie. Voor ons ry gaan haal ek egter my geweer – ek het op die harde manier geleer dat dit beter is om 'n geweer saam te dra en nie nodig te hê nie as om nie een te dra nie en hom wel nodig te kry. Die oom kyk die Howa met die swart plastiekkolf aan asof dit 'n giftige slang is. Ek verduidelik hoekom ek die geweer wil saamvat, maar die oom wil niks weet nie. "Ouboet," sê hy, "ek het hierdie Mauser al 21 jaar, ek het nog nooit misgeskiet nie en ek het nog nooit 'n bok gekwes nie. Gaan bêre daardie afgryslike ding, saam met dié oom hoef jy nie 'n geweer te dra nie."

Ons stop die ou Hilux-bakkie by 'n veehek en ek en die oom bespreek gou die details van die jag. Hy sê hy soek nie 'n trofeedier nie, want hy eet nie horings nie, 'n jong rammetjie of 'n vet ou ooi asseblief. Die oom wil graag 'n rooibok en 'n takbok skiet. Hy is veral opgewonde oor die takbok, want hy het nog nooit een geskiet nie. Hy hoor hulle smaak so lekker, veral as hulle vet is, amper soos 'n skaap. Daar is baie van beide hierdie spesies in die omgewing en ek is seker die oom sal een van elk hê



Foto: Daniel Becker.

voor die son sak. Ons kry die rooibokke eerste. Daar is vier knypkoprammetjies bymekaar. Die-oom-wat-nie-kan-misskiet-nie en ek staan op so effense rantjie en die vier vrygeselle staan onder ons in 'n klofie. Die rammetjies peusel aan 'n spekboom, salig onbewus van die dreigende gevaar. Ek skat die afstand op 120 treë en dra die inligting fluisterend aan die oom oor. Dan maak ek die bamboes-en-fietsbinneband-skietstokke oop. Die oom bekyk die kontrepsie, skud sy kop afkeurend en bekruip 'n witgatboom so 20 treë van ons af. Hy maak dit sonder dat ons prooi enige onraad vermoed; twee van die rammetjies begin stoei, die ander twee eet nog. Met sy voorarm teen die boom gestut, lê die oom aan terwyl ek die bokke deur my ou Leupold-verkyker dophou.

Die oom vat sy tyd; g'n wonder hy skiet nooit mis nie, gelukkig is die wild mak. Die ou Mauser verskeur die stilte, die jong ramme spring in vier verskillende rigtings. Wanneer hulle pote die grond tref, vlug hulle die oorkantste rant uit. Teen die tyd dat hulle oor die rif verdwyn, is die vier weer bymekaar.

"Lê die swernoot?" vra die oom. Ek antwoord nie dadelik nie, want ek het nie die koeëlslag gehoor nie en dit het nie gelyk of een van die vier ramme iets makeer het nie.

"Kom ons gaan kyk daar waar hulle gestaan het," besluit ek.

Ek en die oom-wat-nie-kan-misskiet-nie stap in die klofie af. By die spekboom aangekom, begin ek soek. Ek sien nie bloed nie, nie teen die spekboom nie en ook nie op die klipperige grond nie. Daar is ook nie hare, stukkies vleis of enige ander teken dat 'n bok gekwes is nie. Ek klouter die oorkantste rant uit en wink vir die oom om saam te kom, maar hy is besig om onder elke bos te kyk vir 'n dooie bok wat nie daar gaan wees nie. Die vier rammetjies is in die volgende kloof. Ek hou hulle vir tien minute dop, maar ná vyf minute is ek seker dat die oom-wat-nie-kan-misskiet-nie, wel misgeskiet het.

Die oom-wat-kan-misskiet hanteer die nuus nie goed nie. Hy blameer die skietstokke. Ek is bekommerd oor die skietstokke. As hulle 'n man kan laat misskiet wanneer hulle 20 meter ver van hom af is, kan ek net dink waartoe hulle in staat is as jy dan nou fisies oor hulle aanlê.

**NOG 'N PROBEERSLAG**

Die oom-wat-kan-misskiet en ek kry die takbokke net voor die son sak. Ons is naby aan die Baviaansrivier. Die twee rooibruin ooie met die wit spikkels kom amper reg op ons afgedraf. Sestig treë van ons af steek hulle vas, plankdwars net buite die digte oewerbos. Ek maak die skietstokke staan, maar die oom steur hom nie aan my nie. Die oom-wat-nog-nooit-gekwes-het-nie gooi sommer so uit die vuis uit aan. Dié keer hoor ek die koeël klap. Nie daardie gerusstellende klap soos 'n vuis wat soliede spier tref nie, nee, dit is daardie sieklike hol "doep" van 'n pensskoot. Die een ooi spring weg, sy bons 'n paar keer met al vier haar pote gelyk op die grond, dan gelyk in die lug en verdwyn in die oewerbos. Die ander ooi staan met 'n kromgetrekte rug, te siek om te hardloop.

"Skiet weer!" sê ek.

"Sy gaan val!" sê die oom.

Ek vat-vat na die .300 op my linkerskouer, maar dit is nie daar nie. Dan spring die ooi weg en verdwyn soos 'n skim in die oewerbos. Die oom skiet die ooi 'n uur en drie skote later in die donker oewerbos dood. Dit is stil in die bakkie op pad kamp toe.

**DÉJÀ VU**

Twee jaar later kom jag dieselfde korporatiewe groep en ek kom laat by die skietbaan aan. Ek groet die manne wat agter die skietpunt rondstaan. Die oom is bedrywig by die skiettafel, 'n jong beroepsjagter help hom. Hulle praat oor die oom se geweer.

"Ouboet," sê die oom, "ek het die Mauser al 23 jaar, ek het nog nooit misgeskiet nie en ek het nog nooit 'n bok gekwes nie."

Ja, swaer...


NORTHERN CAPE PH SCHOOL

7-month specialist PH course - Book now for 2021!

Ideal for a gap year after matric.

- Students will hunt, guide and fish for 7 months.
- Students will each hunt a kudu, blue wildebeest, red hartebeest, blesbok, warthog, 7x springbuck and 1x black springbuck.




Students will be market ready after course – ready for employment.

For more information, call Mynhard: 083 262 1891 or email: mhhs@mweb.co.za

PARKTOWN STORES
OutDoor&Hunting
654 Paul Kruger Street, Les Marais, Pretoria

BLACK FRIDAY SALE

SOUTH AFRICA'S LARGEST SUPPLIER OF SNIPER AFRICA CAMO

CELEBRATING 100 YEARS 1920 - 2020

* Buy any 3 products the lowest priced item is FREE
* Online savings from 30% to 50%

Cash, Card or EFT Only
**Sale from:** 21 November - 30 November 2020
T's & C's Apply

SHOP ONLINE or IN-STORE

SNIPER AFRICA Designed to Disappear · salomon · WOLVERINE · Jeep

Shop online: www.parktownstores.co.za
Email: info@parktownstores.co.za
Tel: 012 335 2740




The individually adjustable twist-in eyecups allow comfortable use with or without eyeglasses.

# SWAROVSKI'S SUPERB
## 10X25 CL POCKET BINOCULARS

The Austrian manufacturer Swarovski certainly needs no introduction when it comes to top-quality optical products, and they enjoy a well-deserved reputation for quality the world over. One of Swarovski's mainstays is binoculars and I recently had the opportunity to test the 10x25 CL Pocket binoculars on a hunting trip to the Northern Cape.

As the name implies, the 10x25 CL Pocket are a compact pair of binoculars aimed at that segment of the market that doesn't require or want a full-sized pair of binoculars. Predict-




**MAIN PHOTO:** The Swarovski 10x25 CL Pocket binoculars were field-tested during a hunt in the Northern Cape in September 2020.



**The Swarovski fits perfectly into the pocket of a hunting shirt.**




ably, the 10x25 CL binoculars fit neatly in the pocket of a shirt, and in my opinion, they are the ideal size for hunting binoculars as they are lightweight and therefore easy to carry for a whole day's trek through the bush.

On the technical side, these binoculars weigh in at a diminutive 350 gr and even with the relatively modest 25 mm objective lenses, offer a field of view of 98 m at a kilometre. The objective lenses fold in, as is the case with similar binoculars by other makers, for storage or carry purposes.

As someone who wears eyeglasses, the fact that they are fitted with individually adjustable, fold-in eyecups is a great help, which also makes the use of the binoculars whilst wearing eyeglasses comfortable and easy.

Focus is adjustable by means of the focus wheel situated between the objective lenses. Dioptric compensation for those who suffer from a lack of visual acuity is adjustable as well by means of a small wheel situated at the bottom of the frame of the binoculars.

During the abovementioned hunting trip, I carried the 10x25 CL Pocket for three days in September 2020 in hot, dry and dusty conditions whilst hunting zebra and hartebeest in the Northern Cape. They fitted seamlessly in the chest pocket of my hunting shirts, were a pleasure to carry and right where I wanted them when needed.

The area where I hunted was open country, so I was forced to spend long hours glassing for game before planning every stalk. The binoculars were a joy to use and, compared to my previous pair of hunting binoculars, simply streets ahead in terms of optical quality. These binoculars came through for me with flying colours and I can confidently state that they are one of the finest pairs of hunting binoculars I have ever used.

The 10x25 CL Pocket are supplied with a carrying strap, carry bag and rain cover, and currently retail for approximately R16 900. It is not inexpensive, but for that money you are getting a world-class product backed up by a comprehensive ten-year warranty. For those on the lookout for a top-quality pair of compact binoculars, we highly recommend the Swarovski 10x25 CL Pocket.

** The local agent for Swarovski products is Whylo Distributors, based in Durban. For trade enquiries, phone them at 031-584-8088 or contact them via the web at www.whylo.co.za*




The 10x25 CL Pocket binoculars are supplied with a carry bag, strap and rain cover.



# GAAN LOODVRY MET BADGER-AMMUNISIE

'n Nuwe ammunisie-vervaardiger vir Suid-Afrika.

Badger Ammunisie, gesetel in Boksburg, Gauteng, is 'n nuwe speler op die veld van ammunisie in Suid-Afrika. Badger het die groot stap geneem om onlangs geweerammunisie vir jagdoel-eindes vir 'n paar kalibers te begin laai, en met die gevolge van Covid-19 op die vuurwapenbedryf is Suid-Afrika – meer spesifiek die impak wat dit op invoere van ammunisie en komponente gehad het – behoort hulle hartlik verwelkom te word.

Badger maak van monolitiese Titan-koeëls gebruik. Titan is reeds sedert 2010 in produksie en hulle monolitiese koeëls word van 'n spesiaal geformuleerde geelkoper-samestelling vervaardig. Aldus Titan sal hulle koeëls betroubaar funksioneer teen impaksnelhede van selfs so laag as 1 300 vps, en teen hoër




**BO:** Badger Ammunisie is tans beskikbaar in .308 Win en .375 H&H.

**ONDER:** Jacques Boshoff, SA JAGTER/HUNTER se advertensiekonsultant, op die skietbaan met die Howa .308 Win-toetsgeweer gelaai met Badger Ammunisie.





Twee van die groeperings wat met die .308 Win-toetsgeweer geskiet is met Badger Ammunisie.

impaksnelhede sal die skag van die koeëls goeie penetrasie gee en 'n duidelike wondkanaal deur 'n bok veroorsaak.

Die Titan-koeëls bied ook die addisionele voordeel dat hulle geen lood bevat nie en dus omgewingsvriendelik is. Dieselfde geld vir Badger se verpakkingsmateriaal – dit bevat geen plastiek nie en is dus ook "groen".

Benewens Titan-koeëls maak Badger van ingevoerde komponente soos Hornady-doppe en CCI-slagdoppe gebruik. Op hierdie stadium maak hulle van Somchem-dryfmiddels gebruik, maar met die onsekerheid rondom die plaaslike vervaardiging van dryfmiddels sal daar in die toekoms na Lovex-dryfmiddels oorgeskakel word.

Badger vervaardig tans ammunisie vir die .308 Win en .375 H&H, maar daar is planne om ook ammunisie vir ander kalibers soos die .222 Rem, .243 Win, .30-06 en 9,3x62 te begin laai. Handwapenammunisie word reeds vervaardig vir die 9mmP, en ladingontwikkeling vir ander kalibers wat binnekort in produksie sal wees, is reeds in proses.

Die SA JAGTER/HUNTER-span het onlangs 'n oggend saam met die manne van Badger Ammunisie op die skietbaan deurgebring, en beide die .308 Win-, sowel as die .375 H&H-ammunisie het belowende resultate opgelewer. Die .308 Win-ammunisie was gelaai met 153 grein ESBT-koeëls (*expandable boattail*) wat die loop teen 'n gemiddelde trompsnelheid van 2 657 vps verlaat het. Uit die toetsgeweer, 'n Howa .308, toegerus met 'n Hawke-teleskoop en 'n Boyd's-kolf, kon goeie groeperings behaal word.

Die .375 H&H-ammunisie het bestaan uit twee ladings. Die een was 'n 300 grein CSFB (*cone solid flat base*). Dis 'n "soliede" koeël wat ontwerp is om nie om te klink nie en reguit diep penetrasie op groot diere soos olifante en buffels te verseker. Gemiddelde trompsnelheid was 2 433 vps. Die ander .375 H&H-lading was 'n 304 grein ESBT teen 'n gemiddelde trompsnelheid van 2 310 vps. Die ESBT is 'n omklinkkoeël wat bedoel is vir algemene jag waar omklinkkoeëls nodig is.

Beide die .375 H&H-ladings het aanvaarbare akkuraatheid gegee uit die toetsgeweer, 'n Whitworth .375 H&H toegerus met 'n Leupold-teleskoop.

Badger Ammunisie se produkte het die potensiaal om goed te doen in die Suid-Afrikaanse mark. Soos genoem, sal daar met tyd meer kalibers by die lys van dit wat vervaardig word, gevoeg word en sal hulle selfs meer vir die Suid-Afrikaanse jagter kan bied.

Badger verdien ook 'n klop op die skouer vir die omgewingsvriendelike inisiatief wat hulle koeëls en verpakking aanbetref. **Kontak Badger Ammunisie by 011-929-6220 of via hulle webwerf* www.badgerammunition.co.za







Ek het hierdie swartwildebees met my 7 mm Mauser gejag.

# ’N DOGTER SE TYD VIR JAG

Jagherinneringe van onskatbare waarde.

Ek dink altyd terug aan my pa, Dirk, se geweerversameling wat hy gehad het toe ek nog ’n klein dogtertjie was, en ons in Natal gewoon het. Tóé het ek nog nie my pa as ’n jagter geken nie; dit was maar net gewere en my pa.

Met my broer was dit anders. Hy is so 6 jaar ouer as ek en het daardie jare met sy windbuks gepronk. So het hy op ’n keer teruggekom van een van sy “jagtogte” af en vir my en my sussie sy prooi gewys. Ons kon nie juis veel daarvan uitmaak nie – behalwe dat dit een of ander voëltjie was – want hy het dit pikswart oor die kole gebraai. Jy sê mos nie nee vir jou ouer broer nie en dus was ons verplig om dit saam met hom te eet. Maar hy was ook nie aldag so slim nie en het met dié einste windbuks ’n gat deur sy eie groottoon geskiet. Vandag is hy wel ’n bekende professionele jagter, nes ons pa.

Ek het net 8 jaar oud geword, toe ons na die Oos-Kaap verhuis. Daar het my pa vir hom ’n geweerkamer uit klip gebou. Dit was ’n wonderlike vertrek vol pragtige gewere waarvan die meeste deel was van sy Mauserversameling. Die kamer se mure was vol jag- en visvangfoto’s, ketties, ou spiese en pyle en boë. Daar was ook ’n platespeler waarop hy die musiek van Dean Martin en Neil Daimond gespeel het. Dit was ’n kamer gevul met diere se velle, die reuk van geweerolie, en stories van

jare se jagtogte en opwinding.

Dis waar ek baie lesse geleer het rakende die “moets” en “moenies” van jag. My pa, die jagter, het in dié kamer vir my ’n werklikheid geword. Dít en elke keer wanneer hy ná ’n paar dae se jag tuiskom met bokke wat reeds verwerk is in biltong en ander vleissnitte. So ook die rolle film wat ontwikkel sou word en dan die foto’s wat in fotoalbums geplak, of in rame teen die mure gehang is.

Naweke het my pa ons na leë blikkies laat teikenskiet, eers met die windbuks en later met die .22. Ons het ook baie met ’n kettie geoefen, maar daarmee het ek nou nie juis sukses behaal nie. Daar is gereeld patryse in die omgewing gejag en my pa het kliënte uitgeneem met sy patrysjaghonde, oftewel *pointers*. As jong dogters is ons nooit saamgenooi op hierdie jagtogte nie, maar ek het dikwels my pa vergesel as hy voor die tyd swerms gaan soek het om te verseker dat ’n dag se jag nie leë hande oplewer nie. Ons was wel gelukkig genoeg om saam kleiduif te skiet op die plaaslike meent. Hy het ons geleer hoe om self die haelgeweer te herlaai en ná die tyd moes ons die meent verken vir enige kleiduiwe wat “ongedeerd” daarvan afgekom het. Ons het ook elkeen ’n beurt gekry om die geweer ná die oefensessies skoon te maak.

Ek was 34 toe ek die eerste keer as jagter saam met my pa jagveld toe is. Dit was op ’n jagplaas net anderkant Cookhouse en my eerste jaggeweer was ’n Musgrave .270. Die gevoel van pure opwinding en adrenalien wat ek gehad het toe ek op my eerste bok aanlê, is vandag nog presies dieselfde. Die ervaring van in die donker en koue opstaan; die kilometers se loop agter diere aan; die geruislose bekruip; die uiteindelike skoot op die dier en dan die kampvuur in die aand, maak ’n jagtog onvergeetlik. ’n Mens kan dan nie wag om dit weer te ervaar nie.

## DAAR WAS OOK FOUTE

Dit gebeur maar selde dat iemand sal bieg oor hul blapse in die jagveld, maar soms is dit goed vir jong jagters om te hoor. Net dalk leer hulle daaruit, of lag ten minste lekker saam. My eerste aanlê op ’n bok kon katastrofiese gevolge gehad het, as my pa nie dadelik my fout raakgesien het nie. Ons het vroegoggend die veld ingeslaan, gepanster teen die koue. Niemand het gepraat nie. Ons het geloop en geloop. Ek het begin wonder waarom ons nie die voertuig gevat het nie, maar het dit nie gewaag om te kla nie. Wit wasem het nog uit ons monde geborrel toe ek al van my eerste laag warm klere ontslae raak.

Ons het in die verte sebras hoor blaf en ek was hoopvol dat ons binnekort op ’n paar bokke sou afkom. Dit was reeds diep in die jagseisoen en die diere was maar skrikkerig. Uiteindelik het ons ’n trop rooibokke gesien, maar die wind het van agter gewaai en ons moes om die berg tot heel bo loop, sodat hulle ons nie ruik nie. Amper bo het ons begin kruip tot teen die rant. My hart het in my keel geklop en my bene het gebewe van moegheid. Ek het oor die rant geloer en die bokke naby ons sien staan. Hulle was salig onbewus van ons teenwoordigheid.

My pa het fluisterend vir my gesê op watter bok om te mik. Ek het ’n klip nadergetrek om oor aan te lê, maar kon nie dooierus vind nie en kry toe ’n groter klip. Nadat ek die bok in my visier gevind het, laat weet ek my pa ek reg is om te skiet. Hy het van agter af oor my skouer geloer en aan my been geklap. “Daar is ’n klip voor die punt van jou loop,” het hy dringend gefluister. Natuurlik het ek van oor tot oor gebloos, maar teruggefluister: “Ek weet, ek het gesien.”

Ek het weer aangelê, die kolf styf teen my skouer gedruk en stadig ingeasem. Die skoot het geklap en daar lê my eerste rooibokooi. My pa het my gelukgewens en my hand geskud voordat ons bergaf is na die bok toe. Dit was ’n netjiese bladskoot en my pa het my ’n stywe drukkie gegee. Ek was in my skik, maar dink steeds aan wat kon gebeur het as ek die sneller gedruk het terwyl die klip in die pad was.

Later die aand om die vuur wou almal hoor van die dag en ek was gretig om my opgewondenheid te deel, maar soos dit is, het my pa nie van my groot blaps vergeet nie en hy het sy kommentaar daaroor gelewer. “Ja jinne,” is al wat ek kon sê.

## ’N NUWE GEWEER

En toe verkoop my pa die .270. Ek was verpletter en het geweier om weer te gaan jag. Eendag roep my pa my en gee vir my sy langloop-7 mm Mauser. Die geweer is so swaar dat ek in ’n staande posisie skaars vir ’n sekonde of twee kon aanlê. Ek het bekaf gebly en nie eens beter gevoel toe ek op die skietbaan die krag en akkuraatheid van die 7 mm ervaar nie. Later, ná ’n paar kilometers se loop en bekruip met dié swaar geweer, was ek nog minder beïndruk.

My eerste jagtog met die 7 mm Mauser het uiteindelik aangebreek en nie lank nie of ek lê oor skietstokke aan op ’n swartwildebees. Die skoot het geklap en my ore het gesuis, maar die swartwildebees en sy trop het nog gestaan. Ek het herlaai, en weer en weer geskiet. Ná my derde skoot het ek opgegee en my pa ongeduldig gevra om die skoot te neem. My pa se skoot het geval, maar die bok nie. Teen dié tyd het die trop begin hardloop en ons het besluit om net daar ’n teiken te prakseer sodat my pa kon sien wat fout is met die geweer. Hy moes dit uitsorteer, want ek het mos gesê ek wil nie met die gweer jag nie.

Die eerste toetsskoot het sy merk sonder enige probleme getref. Toe was dit my beurt. Met my onderlip wat nog op die grond rondsleep, het ek aangelê en die sneller gedruk. Uit pure ongeduld het ek nie die kolf stewig in my skouer gedruk nie en die geweer het my tussen die oë en onderstebo geskop. Ek het warm bloed in my keel voel afloop en met my hand kon ek agterkom dat my neus skeef sit. Pa moes hom regdruk en ek het vlot Frans gepraat! Later sou ons uitvind dat die geweer nie die sondebok was nie. Ek het ’n meter gebruik om die afstand na die trop te meet en dit het sowat 200 m gelees. Net voor ons aanbeweeg het, ná al die misskote en gebreekte neus, het my pa besluit om die afstand te meet – dit was 400 m. ’n Takkie of iets voor die meter moes my lesing beïnvloed het.

Op pad terug kamp toe was ek nog in pyn en skok. Pa het gesê ek moet in sy jagsak kyk vir ’n soetigheid. “Het Pa nie iets sterker as sjokolade nie?” Maar daarvoor moes ek wag tot by die jagkamp. Ek het darem die volgende oggend my eerste swartwildebees platgetrek, en daarna was ek en “my” 7 mm Mauser onafskeidbaar.

## ELKE JAG HET SY PRYS

Omdat ek nou as jagter my pa vergesel het, moes ek ook vir my eie jagte betaal en dis ’n duur storie! Die dikte van my beursie het die bok bepaal, daarom was trofeejag, elande of buffels my nie beskore nie. Ek het van die vleis bewerk vir eie gebruik, maar het dit meestal aan slaghuise verkoop om vir die jagte te betaal. Dit het daartoe gelei dat my skootkeuse só moes wees om die minste vleis te mors. Sonder om my pa hieroor in te lig, het ek besluit op die ondenkbare – kopskote. Ná my eerste suksesvolle kopskoot het my pa net die bok sien val, en gevra: “Waar het jy gemik?” Toe ek antwoord dat dit ’n kopskoot was, het hy gesê dis onnodig en kan maklik tot ’n kwesbok lei. Ek het nie geluister nie, maar het ook nooit ’n bok gekwes nie. Selfs Pa was elke keer in sy skik met die akkuraatheid van die skoot.

Menige wonderlike jagtogte saam met my pa het gevolg. Nou is daardie tyd verby, maar ek het dit darem ervaar en sal dit nooit vergeet nie – dankie Pa!

# A DOG CALLED T-BONE

All it needed was the right kind of motivation.



Robert Ruark admitted that the title *I didn't Know it was Loaded* had very little to do with the contents of the book. But somebody gave it to him, gratis, and good free titles are hard to come by, he said. Somebody just mentioned he would like to read a book called *I didn't Know it was Loaded*, and it seemed like a reasonable request, so he wrote one.

When I thought about *A dog called T-bone,* I just had to write something about old T-bone as well, even though it was my own title and compared with the contents of Ruark's story, this story has got everything to do with T-bone.

## USING SOMEONE ELSE'S DOG

I had to wait a while for the rest of our party that was still using the dog. They had taken a longer route combing through the shrub below the dam. For all practical purposes, the shoot was over. All had done well and there were enough birds in the bag. Taking the birds back home (I am not beyond begging and pleading for such a privilege) would be enough for my wife's annual post-season sosatie-making session. She would be happy, and I would be off the hook. I found keeping the larder stocked without a dog rather difficult. The shoot was over but for one thing: I wanted to backtrack to a *taaibos* into which I saw my last francolin disappear. We only had one dog between the five of us, and T-bone had a busy morning.

## GETTING ALL PHILOSOPHICAL

I got an invite to this shoot near Worcester. Polka was dead, so I was dogless and had to depend on my mates, which was new to me. I think Anthonie sort of felt sorry for me. He understood. I've seen how distraught he was when Hans disappeared. Dogs' lives are just too short, no single dog's life can span that of a shooter.

Don't worry, they said, T-bone knows his stuff. He is an excellent retriever. Good for a couple of flushes as well. He is a big-boned and pitch-black Labrador. Big enough to think there might be some Great Dane in his blood. The *manne* from Worcester and Aan de Doorns like their Labbies big. They shoot big birds in that part of the world; big gyppos and big spurwing. A big dog is good for their kind of shooting. Gyppos and spurwing get heavy. A dog such as T-bone is worth his weight in steaks, eh... T-bone steaks that is.

We sat watching a sevens game, our Blitsbokke against Fiji. We beat them but later lost against the All Blacks in the final. Many years ago, my neighbour told me, it happened to us in Hong Kong as well and he blames himself for that loss. Why? I asked. I was immediately intrigued. I love listening to this man. Psychologists live in a totally different world to my world filled with feathers, guns and dogs. He said for a season he was involved as the Blitsbokke's shrink and Fiji was then considered the team's biggest threat. He got them so focused on the Fijians that when they beat the islanders, they thought they had won the tournament. I presume much the same thing happened to the English when they beat the All Blacks in last year's Rugby World Cup. They forgot about the small matter of the Springboks they were going to meet in the finals. The discussion then moved to Rassie; his ways and methods. He's a brilliant motivator, excellent on intrinsic principles, the doctor told me and then hesitantly started telling me about the differences between intrinsic and extrinsic motivation. I was all ears.

Intrinsic motivation refers to behaviour that is driven by internal rewards and goals. In other words, motivation to engage in a behaviour arising from within the individual because the personal accomplishment is the reward. Extrinsic motivation is from some outside demand, obligation, or reward that requires the achievement of a particular goal.

Rassie's motivation was based on how they would personally feel winning the cup for their country, their team and their mates, not on how much money they were going to earn. It's just there where my little bit of knowledge of Herzberg's theory on poor hygiene factors and job satisfaction got all muddled up with intrinsic and extrinsic factors, and then the doctor got called away by his grandchildren and I could not hear his final analysis of the World Cup.

I had to bank this theory with something practical that I could understand and would remember, I reasoned, like training your dog. Getting your dog to do the job would most likely be achieved by internally motivating the pooch through enjoyment. He must want to do whatever you want him to, through the joy of splashing in the water and mud and the exercise in the outdoors. The bond between dog and handler must be such that the personal achievement of finding and retrieving the bird and seeing his master's pleasure would be an internal motivating factor too. The dog must want to please his boss. Getting a hiding when he fails would not be something that he aspires to, therefore he won't do the job because he would be afraid, i.e. extrinsic motivation. Got it, I thought, dog training psychology 101.

**IDEAL FRANCOLIN COUNTRY**

It was a brilliant morning. The five of us spread out and with T-bone in close attendance to his boss, we walked off with great expectancy. I was carrying my dad's old 16-bore and had a pocket full of a mixed variety of "all sorts" ammo. Sometimes they worked and sometimes they didn't. Whether the gun is just getting old and the firing pin needs some work, or if the ammo must be replaced with a fresh, more reliable batch, or if I was just not concentrating, I do not know. Perhaps my mind was not there, daydreaming, seeing a furball of energy quartering the dense growth out in front of me, or something like that. I missed and lost a lot of birds that morning. I felt like a total novice. The gun felt strange in my hands, almost like it had no right to be there without a spaniel out in front.

"I bet you are missing your dog," Anthonie said. "I envy you," I answered as I watched old T-bone searching and picking yet another Cape.

It was ideal francolin country. Now if I was a winemaker trying to sell my "2019 Francolin vintage" I would have told prospective buyers about this wonderful little orchard with just the perfect terroir I found on the outskirts of Worcester, with a flattish, somewhat west-facing slope, very gravelly with excellently drained soils. The 2019 season was one of hot and dry weather with cooling katabatic evening breezes culminating in a growth season that resulted in unheard of tender meat and fullness of flavour yet abundance of yield that can only be dreamt of. I would further embroider that we only harvest with ancient 20-bore side-by-sides using 24-gram handloads (the lead salvaged from sinkers lost off famous fishing spots – the recycling concept) in order to limit meat damage as far as possible. Perhaps a bit of cool-weather night harvesting to limit putrefaction could colour in the picture, but we all know one cannot shoot at night. A cloudless full-moon harvest, perhaps?

> We found the *taaibos* and the *sloot* that was almost too wide to jump over. How that wounded francolin made it across remains a mystery.

Wine marketing is all about that sort of thing. Unadulterated nonsense. Yet, we still love it, we hang on to the winemaker's lips and "buy" everything for gospel and pay hopelessly too much for stuff that's machine harvested with frogs and puff adders and sparrows thrown in for flavour. (I'm keeping my eyes peeled for just that one: "A wine with a bite, Puff Adder Pinotage, *giftande, lelike dêng!*")

Broken veld with wet patches where water seeps from old irrigation dams has caused dense stands of *vleitjiesriet* and spiky restios. Drainage furrows crisscrossed the area. Second-hand regrowth where old lands used to be and *renosterbosse* created just what the francolin wanted. The coveys were huge, some of the biggest I have ever seen. Eight or nine, even ten birds would flush from a spot, explode in all directions and try to reach cover before the guns could blast away. One or two would inevitably drop and old T-bone would mop it up and we would follow up for another try. But the coveys were safe. By the time the follow-up team got to them most would have scattered far beyond any danger. »



**PHOTO:** Cape francolin (www.sa-venues.com)

» I doubt if more than 30 % of any covey ever reached the sosatie stage.

Prof Tim Crow told me they once tried to shoot greywing coveys down to what was considered low levels, but they never could, the birds are just too clever. And I think this is the case with most gamebirds. Shooting a venue only once, means the birds are pretty safe. However, coming back again and again when the highly territorial birds had time to regroup, could result in extermination. Therefore, "managing" your shoots is key. You got to know what you have and where they are. Count your birds before organising a shoot. Carry a notebook with you, record how many you shoot and from which covey.

On top of a long dam wall Anthonie and I flushed several Capes. The wall was narrow, and we had to take turns shooting. For some or other reason the birds kept flushing out to our right, over the open water. It was nice to watch T-bone swimming out and doing what a Labrador does best, retrieving birds from the water, only in this case it was not ducks or geese but a few "water" francolin.

## ON A MISSION OF MERCY

Then I made a mistake and winged my last bird of the day. I watched it falter and make a horrible landing on a patch of clear ground to the north of the dam. Its broken wing resulted in a most uncoordinated landing and a couple of tumbling summersaults before recovering its composure. It took off at top speed, jumped a *sloot* and tucked into the *taaibos* that I now wanted T-bone to have a serious look at.

It was a long walk back to that *taaibos* and it was getting hot. Worcester is always hot, even in the winter. My feet were sore, and I was getting tired, if it wasn't for ethics and feeling sorry for the obviously hurting bird, I doubt if I would have backtracked all that way. I wanted to stop its suffering. The long walk gave me enough time to work on T-bone psychologically, on his internal motivation. I saw Anthonie giving the two of us a strange sideways glance. He was clearly wondering what the hell the old fellow is talking to T-bone about; can't he see the dog is tired and not interested in all that rubbish?

I was trying to tell T-bone how good he will feel if he could pull the wounded francolin from that impenetrable bush. You know, using his nose to find its exact location, pin-pointing its position within millimetres from where it was hiding away. Doing something that we as humans cannot even dream of doing. And then using his great powers of strength to push into the dark recesses of the *taaibos*, doing a couple of swift matadorian moves to pin the bird in a corner before gently hauling it out and handing it to Anthonie. I was on a roll. The bird was as good as in the bag. Anthonie just sniggered.

We found the *taaibos* and the *sloot* that was almost too wide to jump over. How that wounded francolin made it across remains a mystery. But a *taaibos* is a *bliksemse bos* for a big Lab or a corpulent senior to push into. No matter how he tried, T-bone could not fit through the gaps. They were like burglar bars. Crawling in the dust on my stomach, I could not get any closer either. There was nothing else to do but admit that the francolin had won.

"You should have offered him a T-bone," said Professor Anthonie, "tried some extrinsic motivation."










**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:**
Jacques Boshoff | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com

## JAGGELEENTHEDE | HUNTING OPPORTUNITIES

**LASARUS GAME FARM, ALBERTINIA/RIVERSDALE**
Best hunting farm in the Western Cape.
No hidden costs.
Rifle/bow/biltong/trophy hunt.
Full/self-catering. 45 species.
Owner is a professional hunter and outfitter.
082-443-1147/082-448-3975
*www.lasarusgamefarm.co.za*
*info@lasarusgamefarm.co.za*

**SHELDRAKE GAME RANCH, MUSINA, LIMPOPO**
Ons bied al sedert 1982 jag aan. Geweer- of boogjagters welkom.
Gewone/trofeewild, buffels en swartwitpense.
Besoek *www.sheldrake.co.za* vir pryse en besprekings.
Gerhard Minnaar:
E-pos:
*gerhard@sheldrake.co.za*
Sel: 082-809-3523

**KALAHARI-JAG**
Kom geniet die gasvryheid van rooi duine, kameeldoringbome en grasvlaktes.
Selfsorg-akkommodasie.
Slaggeriewe en koelkamers.
Sel: 082-375-3648/
082-373-5648
E-pos: jopetku@gmail.com

**AMALIA – NOORDWES JAGGELEENTHEID**
Springbok, rooibok, blesbok, rooihartbees, eland, koedoe, gemsbok, takbok.
Tel: 056-514-9304 Yolandé
*www.kameeldoringsafaris.co.za*

**KAMEELDORING SAFARIS – KALAHARI JAGGELEENTHEID**
Swartwildebees, blesbok, blouwildebees, gemsbok, koedoe, eland, springbok, rooibok, rooihartbees, sebra, waterbok.
Tel: 056-514-9304 Yolandé
*www.kameeldoringsafaris.co.za*

**THABAZIMBI BUSHVELD HUNTING**
Quality hunting with lots of game.
Rifle and bow hunting.
Self/full-catering.
Family/Corporate groups welcome.
Phone/SMS/WA:
083-627-0350
Email: *office@limcroma.com*

môredou JAGPLAAS
**SCHWEIZER-RENEKE, NOORDWES**
Selfsorgeenheid beskikbaar vir agt jagters. Een bondel hout per dag gratis. Slag- en koelgeriewe beskikbaar.
Kontak
Tom Kotze: 082-819-2499
of e-pos *pikkie@wasp-sa.co.za*

Geseënde Kersfees en 'n Voorspoedige Nuwejaar
Merry Christmas and a Happy New Year
Dankie aan al ons adverteerders, ons waardeer jul getroue ondersteuning. Mag al ons lesers en adverteerders 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige 2021 geniet.
Thank you to all our advertisers, we appreciate your loyal support. May all our readers and advertisers enjoy a blessed Christmas and a prosperous 2021.
Jacques Boshoff
Sel: 079-528-8793
jacques.boshoff@media24.com

## JAGTERSMARKVORM | HUNTERS MARKET FORM

Die advertensie sal verskyn onder JAGTERSMARK/HUNTERS MARKET.

JAGTER HUNTER | MEDIA24

| ADVERTENSIE: KIES EEN (X) | |
|---|---|
| A = R355 - 20 woorde (opskrif uitgesluit) - *Net bewoording* | |
| B = R1 080 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 105mm Hoog | |
| C = R635 - Swart/wit bewoording met kleurlogo ingesluit - 40mm Wyd x 50mm Hoog | |

Die sluitingsdatum vir die advertensies is 30 dae voor die volgende maand se uitgawe.
Geen advertensie sal geplaas word sonder 'n volledig voltooide aansoekvorm en betaling nie.

| | | | |
|---|---|---|---|
| NAAM VAN ADVERTEERDER | | | |
| ID-NO. INDIEN PRIVAAT KLIËNT | | | |
| REG-NO . INDIEN BESIGHEID | | | |
| POSADRES | | | |
| | | | |
| TEL | | FAKS | |
| SEL | | E-POS | |

**Pryse is BTW ingesluit. Rates are VAT included.**

| ADVERTENSIE VIR: | | |
|---|---|---|
| | | (maand) |
| tot | | (maand) |
| Bedrag inbetaal | R | |

**BANKBESONDERHEDE:** Media24 Die Burger | ABSA | Rekening: 0550000059
Takkode nodig vir elektroniese inbetalings: 632005
*Gebruik u Media24-rekeningnommer as verwysing, indien u een het. Andersins, naam en van of in die geval van 'n besigheid, die besigheid se naam.*

**E-POS BEWYS VAN BETALING NA:** jacques.boshoff@media24.com

| KATEGORIE/CATEGORY: KIES EEN/CHOOSE ONE (X) | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| JAGGELEENTHEDE/ HUNTING OPPORTUNITIES | | TE KOOP/ FOR SALE | | GESOEK/ WANTED | | DIENSTE/ SERVICES | | ANDER/ OTHER | |

| BEWOORDING VIR ADVERTENSIE : | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

**OM TE ADVERTEER IN JAGTERSMARK, KONTAK:**
Jacques Boshoff | Sel: 079-528-8793 | E-pos: jacques.boshoff@media24.com

## DIENSTE | SERVICES

**QUINTIN JORDAAN ATTORNEYS**
Firearm licence and firearm appeal applications (100% success rate).
Also sequestration and liquidation applications.
Phone: 082-805-0674
(Pretoria)

**JUST MOTIVATIONS – R300**
Custom firearm motivations.
100% success rate.
Afrikaans/English.
SMS email address to 082-567-8437
Johan Justus,
retired SAPS Colonel.

VdB
- VEZI • de BEER inc. -

**CONTACT VEZI & DE BEER INC FOR YOUR:**
- Firearms Application
- Motivations
- Firearms Appeal Application

Phone: 012-361-5640
Email: *willie@vezidebeer.co.za*

## TE KOOP | FOR SALE

**270+ HUNTING MAGAZINES FOR SALE**
SA JAGTER/HUNTER, *Man Magnum, Wild&Jag.* Articles on hunting, ammunition, wildlife, animals.
Price: R900
(Original cost: R10 800)
Dirk: 073-818-5550/
066-269-0125

**WEENS HOË OUDERDOM BIED EK TE KOOP AAN:**
- .22 Krico-geweer (R5 000)
- 9mm F.N. Browning outomatiese pistool (R4 000)
- 12 boor-dubbelloop-Zabala-haelgeweer (R4 000)

Tel: Swart 021-788-2746 of sel: 082-823-8679

**TE KOOP**
- Sako .22-250 with Nikko Stirling Nighteater telescope with 100 rounds and 100 cases.
  R13 000
- Lee-Enfield .303 with army rounds.
  R2 000
- Or both for R14 000

Johan Diedericks:
082-451-8693
Email: *diederJ43@gmail.com*

## TE KOOP | FOR SALE

**GERMAN SHORTHAIRED POINTER**



- Highly pedigreed.
- Fully trained for blood tracking.
- 20 months old.
- R15 000.

Please call Frik: 083-306-5540



Foto Nic de Bruine


SRS AND OPTICS

**WELCOME TO SRS AND OPTICS**
Manufacturer of
Premium Rifle Stocks



**SKAAPBOER KOLWE**
LIKE US ON facebook
BOYDS
HARDWOOD GUNSTOCKS



**PROFESSIONAL OPTICS**





SRS and Optics stocks
a wide range of
Professional Optic Solutions

Johann: 082-410-6827
Email:
*wjf0824106827@gmail.com*
*www.srsandoptics.co.za*







ISS 20201028 BROWNING B725/525

THE AESTHETIC & TECHNICAL REVOLUTION IN OVER AND UNDER SHOTGUNS.



SAVE R2 000

Browning B525 Game ........................ R36 950
Browning B525 Sporter ........................ R37 950

- **Inflex II recoil pad:** providing the best recoil absorption possible on a shotgun
- **Back-Bored™ Vector Pro™ Barrel**
- Grade 2 walnut elements with oil-rubbed finish
- **4 Injector + chokes** as well as an **Auto safety system**



SAVE R3 000

Browning B725 Adjustable Sporter ........................ R56 950

- **Inflex II recoil pad:** providing the best recoil absorption possible on a shotgun
- **High-Performance Mechanical Trigger System:** more control over your shooting
- **Low Action Frame: faster aiming**
- **Back-Bored™ Vector Pro™ Barrel**
- **Invector DS™ Chokes**

**AVAILABLE AT ALL PARTICIPATING DEALERS: Discount Midas** [Rustenburg] 014 592 5682 // **GWK** [Prieska] 082 825 0439 // **Kings** [Pietermaritzburg] 033 342 0137 // **Natal Gun Company** [Amanzimtoti] 031 904 1982 // **Pro Sport** [Standerton] 017 719 2276 // **Quenets hunting & Fishing** [Worcester] 023 347 7188 // **SAFARI OUTDOOR** [Pretoria] 0861 222 269 / [Stellenbosch] 0861 114 330 / [Johannesburg] 0861 143 545 [West Rand] 087 075 0865/ [East Rand] 0861 000 071 // **Suburban Guns** [Western Cape] 021 797 8787 // **Wildman** [Pietermaritzburg] 033 940 0131

Tel: 012 808 9911 • info@inyathi.net
Terms & conditions apply. E&OE. While Stocks last.

Distributed by ISS INYATHI SPORTING SUPPLIES